die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 329 • Maart 2020

Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God – 1 Kor. 1:23-24

Maart 2020 | No. 329

INHOUD

DIE BOODSKAPPER • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

Plaasmoorde en geweldsmisdaad

REDAKSIONEEL

Ds. Schalk Strauss
My kom die wraak toe 1

AMPTELIK 2, 3

ONTVANG DIE WOORD

Dr. Stephan Hoffman
Grond, genade en geregtigheid 4

HOOFARTIKEL

Amptelike skrywe soos uitgereik deur die SKK
Ope brief aan die Staatspresident 6

ARTIKELS

Bennie van Zyl
Die sosio-ekonomiese effek van plaasaanvalle:
Vir Suid-Afrika en die kerk 8

Sam en Meisie Liversage
Oorlewendes van 'n plaasaanval vertel hul verhaal 10

Prof. Johan Bosman
Hoe verwerk 'n Christen die trauma van 'n (plaas)aanval? 12

Ds. Johan Schütte
Onthou om te onthou! 14

Dr. Christo Pretorius
'n Oosgrens-skets: Oorsaak en gevolg 18

Genl. maj. (aft.) Chris van Zyl
Die noodsaak van beveiliging en paraatheid 22

AKTUEEL

Smeltoond 16
Toekenning van Pretoria FM aan ds. Nico Rautenbach 20
Briewe 21
Bybelwoordblok: Hulpbetoning 24
Gemeentenuus 25
Antwoorde: Bybelwoordblok (Februarie 2020, bl. 22) 30
Lig in Duisternis-prys 2019 ..... **binne-agterblad**

IN DIE SPORE VAN GISTER *met Pieter & Pieter*

Dr. Pieter Möller
Kommunistiese aanslag op die Republiek van Suid-Afrika 32

VOORBLAD:
Die witkruis-monument op pad na Pietersburg, is 'n stille herinnering aan slagoffers van plaasaanvalle. Dit is egter ook 'n getuienis van die wreedhede waaraan Suid-Afrikaners daagliks blootgestel word.
Foto: Reint Dykema.

REDAKSIE

Eindredakteur
Ds. HSW Strauss

Redaksielede
Di. RK Combrink, HJ Dafel, A Hough en mev. C Möller

Redaksiesekretaresse en advertensies
Mev. M Langeveldt
Tel.: 012 362 1390
e-pos: boodskapper@apk.co.za

Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.

BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE

Gemeenskaplike Kerkkantoor
Kerkkantoor en Boekwinkel
Tel.: 012 362 1390
Faks: 012 362 2023
Posbus 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516,
Monumentpark x2
e-pos: info@apk.co.za
Webblad: www.apk.co.za

Die Afrikaanse Protestantse Akademie
Administrasie
Tel.: 012 344 3960/1/2
Faks: 012 344 5480
Posbus 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
e-pos: info@apa.ac.za
Webblad: www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:
BusinessPrint

Bladuitleg: Melaney Langeveldt

Uitgegee deur:
Lig in Duisternis
UITGEWERS
liginduisternis@apk.co.za

My kom die wraak toe ...

Ds. Schalk Strauss

Die jaar het stil begin. So beweer die statistiek. Plaasmoorde is minder. Ons skep asem, maar ons moed is min, want ons weet al – dit is maar net die stilte voor die storm. Soos menige Suid-Afrikaner, smag ons na 'n stukkie goeie nuus en 'n bietjie hoop. Ons soek iets om aan vas te hou, maar diep hier binne ons weet ons dat die werklikhede van die wêreld waarin ons elke dag moet leef, nog voor die einde van die jaar baie mense aan die bors gaan gryp en hul siele wreed uitmekaar gaan skeur.

Moord en doodslag het so alledaags geword, dat dit dikwels nie eens nuuswaardig is nie. Ons lees van plaasmoordenaars wat op borgtog vrygelaat word en dan spoorloos verdwyn. Hier en daar word 'n plaasmoordenaar darem gevonnis, maar dikwels dra die polisie se onbevoegde optrede en swak hantering van 'n saak daartoe by dat moordenaars skotvry of ten minste met 'n baie ligte straf daarvan afkom. Dit is dan dat die wraakgedagtes binne jou sy lippe begin aflek. Elke hartseer slagoffer-oog, elke kind wat sonder 'n pa of 'n ma moet grootword, elke gemeenskap wat nog een uit hulle geledere moet groet, skreeu dit ten hemele: Wanneer gaan dit einde kry? Wanneer gaan hiérdie onreg reggestel word? Dit maak die Lameg binne ons wakker:

> *Voorwaar, ek slaan 'n man dood wat my wond en 'n seun wat my kwes. Want Kain sal sewe maal gewreek word, maar Lameg sewen-en-sewentig maal* (Gén. 4:23-24).

Uitgedaagde belydenis

Hoe menslik hierdie gedagtes ook mag wees, kom staan dit breëbors en vierkantig-uitdagend voor ons Christelike belydenis aangaande die onmededeelbare eienskappe van God. Dit is daardie eienskappe wat geen mens met Hom in gemeen het nie – dinge soos sy alwetendheid, sy alomteenwoordigheid en sy almag.

In die goeie tye en onder veilige omstandighede is dit nie moeilik om saam met die digter in Psalm 139 God se alwetendheid te bely nie: *U ken my sit en my opstaan; U deurvors my gaan en my lê en is met al my weë goed bekend* (v. 2-3). Of om oor sy alomteenwoordigheid te getuig nie: *Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig? Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar!* (v. 7-8). Wanneer jy naby aan die grond van hierdie land leef en die Afrika-stof in jou are het, sukkel jy nie om God se almag in sy skeppingswerke raak te sien nie: *Want Ú het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef ... wonderbaar is u werke!* (v. 13-14).

Dit is egter die leë plek aan die kop van 'n eetkamertafel, die alleen-inkruip saans, die gesukkel met 'n poniestert deur 'n onhandige pappa in 'n huis sonder 'n mamma, die kantlyn van 'n rugbyveld met een pa kort, wat sy wurggreep in hierdie belydenis inboor. "As U alles weet, oral is en alles kan doen, waar was U? Waarom het U nie gekeer as U dan geweet het wat vir my voorlê en daar was toe dit gebeur het nie?" Vrae soos hierdie is soos kunsmis vir ons wraakgedagtes. Die uiteindelike teiken van ons wraakgedagtes is nie die oortreder nie, maar God. Die trauma-aardbewing het die geneigdheid om my belydenis tot in sy fondamente te skud.

Die gevaarlike seismiese effek van hierdie soort wraakgedagtes, is dat dit krake in my belydenismondering veroorsaak. As ek sukkel om te glo dat God alwetend, alomteenwoordig en almagtig is, raak dit moeilik om die wraak aan Hom oor te laat. Ten diepste roep ons wraakgedagtes uit: Ek weet beter! Ek sal meer regverdig as God kan oordeel!

Bevestigde belydenis

Kyk jy egter na die kruis op Gólgota, help dit jou om, te midde van jou eie aardskuddende ervarings, perspektief te behou. Op 'n besonderse, maar ook skrikwekkende wyse, is God se onmededeelbare eienskappe daar bevestig.

Terwyl Christus deur wêreldse wysheid uitgedaag is om van die kruis af te kom, het Hy in sy Goddelike alwysheid die dwaasheid van die kruis gekies, omdat ons diepste behoefte aan Hom bekend was. Daardeur het Hy die lewe bewerk vir elkeen wat in Hom sterf – ook die slagoffers van geweldsmisdaad en plaasaanvalle.

Hy het nie sy almag ten toon gestel deur Homself op dramatiese wyse van 'n kruisdood te bevry nie. Dit was egter Goddelike almag aan die werk wat Hom aan die kruishout vasgenael gehou het. Op ontsagwekkende wyse is sy almag bevestig toe nie net die grafte met sy dood oopgebreek het nie, maar toe sy eie graf op die derde dag leeg gevind is, omdat Hy uit die dood opgestaan het. Op grond van hierdie magsopenbaring kan ons nou uitroep: *Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning* (1 Kor. 15:55)?

Op skrikwekkende wyse word selfs God se alomteenwoordigheid bevestig. Dawid bely in Psalm 139 dat daar geen plek op aarde is waar 'n mens jou vir God se aangesig kan verberg nie. Selfs nie eens die Here Jesus kon sy teenwoordigheid en oordeel vryspring nie. God is oral en sy oordeel oor die sonde is 'n werklikheid. Hoe verskriklik God se teenwoordigheid in sy oordeel moet wees, nog erger is dit wanneer Hy daardie teenwoordigheid van Hom onttrek. Dit het Christus beleef toe Hy uitgeroep het: *My God, my God, waarom het U my verlaat* (Mt. 27:46)?

Bevrydende belydenis

Wanneer ons belydenis oor God se alwysheid, alomteenwoordigheid en sy almag deur die gebeure op Góls-gota in perspektief gestel word, is dit bevrydend. Dit bevry my van die wurggreep wat wraak op die lugpyp van my siel het, want dit help my om te verstaan dat God se onmededeelbare eienskappe met reg aan Hom behoort en nie aan my nie. Ek kyk van onder af, maar Hy van bo af. Ek verstaan ten dele, maar Hy sien die volledige prent.

Daarom is die belydenis dat God alwys, alomteenwoordig en almagtig is, so bevrydend. Dit is wat Dawid in Psalm 139 daartoe bring om sy wraak oor sy vyande aan God oor te laat. Hy bid sy woede en Hy vra God om die goddelose om te bring (v. 19). Die rede? Vanweë die vaste vertroue dat niemand God se oordeel vryspring nie; dat God in sy wysheid meer regverdig is as wat enige mens ooit sou wees as ons moes oordeel en dat geen sondaar sy almagtige toorn sal kan verduur nie.

Hierdie bevryding berus in die wete dat God in sy alwysheid en volgens sy almag en alomteenwoordigheid, reeds in hierdie lewe kan sorg dat geregtigheid seëvier deur die onreg te straf. Dit kan egter ook soms beteken dat God besluit om sekere van sy vyande in hul goddeloosheid te los, totdat Hy met die eindoordeel met hulle sal afreken. Die grootste uitdaging van hierdie bevryding is egter om te aanvaar dat God soms ook kies om met ons vyande se sondes aan die kruis af te reken, soos Hy lank gelede met ons s'n afgereken het!

Mag ons waarlik die bevryding van ons belydenis beleef, ook in hierdie uitgawe, waar ons stilstaan by daardie dinge in ons samelewing wat soms 'n wrede bloedspoor agterlaat.

AMPTELIK

BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN 2020

Graad	Ou Testament	Nuwe Testament	Handboek
Graad 4	Génesis 3:1-4:26 (20)	Matthéüs 13 (20)	Les 1-9 (10)
Graad 5	Exodus 18-20 (20)	Lukas 15-16 (20)	Les 1-9 (10)
Graad 6	Rigters 6-7 (20)	Handelinge 4-5 (20)	Les 1-9 (10)
Graad 7	1 Samuel 3-5 (35)	1 Korinthiërs 11-13 (35)	Les 1-9 (30)
Graad 8	Nehemía 4-6, 8 (35)	Jakobus 1-3 (35)	Les 1-9 (30)
Graad 9	Jona 1-4 (35)	1 Timótheüs 2-5 (35)	Les 1-9 (30)
Graad 10	Prediker 1-4 (35)	Matthéüs 27-28 (35)	Les 1-9 (30)
Graad 11	Haggai 1-2, Sagaría 1-2 (35)	Johannes 10-11(35)	Les 1-9 (30)
Belydende	1 Samuel 6-9 (35)	Handelinge 8 & 9 (35)	NGb art. 34-37 (30)

LERAARS

Beroepe ontvang

Prop. NJ Hefer na Kimberley (Moedergemeente).
Ds. AJ Ferreira (Hoedspruit) na Kempton Park.

Beroepe bedank

Ds. AJ Ferreira (Hoedspruit) na Kempton Park.

Beroepe aanvaar

Prop. NJ Hefer na Kimberley (Moedergemeente).

Dienstermyn verstryk

Ds. CJ Janse van Rensburg (emeritus) het besluit om nie weer die ses maande termyn te hernu nie. Hy tree uit op 31 Desember 2019.

Status verloor

Kragtens 'n Kuratoriumbesluit, verloor dr. Stephan Hoffman status as predikant binne die AP Kerk aangesien hy nie tans aan 'n gemeente verbind is nie en ook nie sy studies voortsit nie.

ADRESVERANDERINGE

- **AP Kerk Belfast:** Posbus 577 Belfast 1100
- **AP Kerk Lichtenburg:** Sel: 063 296 5341
- **Ds. LA Wiid (AP Kerk Kakamas):** Sel: 066 263 0601 of 078 280 7241.

SKOOLKWARTALE 2020

Eerste kwartaal: 15 Januarie – 20 Maart
Tweede kwartaal: 31 Maart – 12 Junie
Derde kwartaal: 7 Julie – 18 September
Vierde kwartaal: 29 September – 4 Desember

CVO SKOOLKWARTALE 2020

Eerste kwartaal: 14 Januarie – 20 Maart
Tweede kwartaal: 30 Maart – 12 Junie
Derde kwartaal: 6 Julie – 18 September
Vierde kwartaal: 28 September – 2 Desember

DIE BOODSKAPPER Verskyningsdatums 2020

Maand	Kopie in by Redakteur	Verskyningsdatum
April 2020	19 Februarie	24 Maart
Mei 2020	10 Maart	21 April
Junie 2020	20 April	26 Mei
Julie/Augustus 2020	19 Mei	25 Junie
September 2020	14 Julie	25 Augustus
Oktober 2020	12 Augustus	22 September
November 2020	17 September	27 Oktober
Des. 2020/Jan. 2021	15 Oktober	24 November

Advertensietariewe 2020

Grootte	mm (hoogte x breedte)	Prys (swart & wit)	Volkleur
1/16 blad	40 x 90 mm	R170,00	*Nie beskikbaar*
1/8 blad	65 x 90 mm	R440,00	*Nie beskikbaar*
1/4 blad	124 x 90 mm	R920,00	R1 965,00 *(slegs binne agterblad)*
1/2 blad	124 x 180 mm	R1 550,00	*Nie beskikbaar*
Volblad	246 x 180 mm	R2 550,00	*Nie beskikbaar*
Binne-agter – 1/2 *(indien beskikbaar)*	148 x 200 mm	Volkleur	R3 200,00
Binne-agter – vol *(indien beskikbaar)*	297 x 210mm	Volkleur	R4 730,00
Agterblad – 1/2 *(indien beskikbaar)*	148 x 200 mm	Volkleur	R3 295,00
Agterblad – vol *(indien beskikbaar)*	297 x 210 mm	Volkleur	R5 700,00

50% afslag op R835,00 en meer indien AP kerksake geadverteer word.

SPESIALE AANBIEDING! Kry 10% afslag vir 10 agtereenvolgende advertensies vooruitbetaalbaar.

Bank inbetalingsbesonderhede:

Rekeningnaam: APK • ABSA Tjekrekening: 214 014 3068
Elektroniese takkode: 632 005

Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing. Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.

FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2020

1 Januarie*	Nuwejaarsdag
21 Maart*	Openbare vakansiedag
6 April	Van Riebeeckdag
10 April*	Goeie Vrydag
12 April	Paassondag
13 April*	Gesinsdag
27 April*	Openbare vakansiedag
1 Mei*	Openbare vakansiedag
21 Mei	Hemelvaart
31 Mei	Pinksterfees
31 Mei	Republiekdag
16 Junie*	Konsentrasiekampdag
9 Augustus*	Openbare vakansiedag
10 Augustus*	Openbare vakansiedag
14 Augustus	GRA-dag
24 September*	Openbare vakansiedag
10 Oktober	Krugerdag
25 Oktober	Hervormingsfees
16 Desember*	Geloftedag
25 Desember*	Christusfees
26 Desember*	Openbare vakansiedag

Grond, genade en geregtigheid

Dr. Stephan Hoffman[1]

Lees: 1 Kon. 21 • **Teksvers:** 1 Kon. 21:3 • **Sing:** Ges. 106

'n Ou oom het eendag gesê dat die Here net een keer grond gemaak het, maar elke dag nog mense. Hiermee het hy iets van die eiendomswaarde wat grond het, probeer verduidelik. *Grond* kan as omvattende term verstaan word vir die ruimte van ons bestaan, met ander woorde jou plek. Grond is die ruimte wat aan jou gegun is om hier op aarde te kan lewe. In die lig van die huidige grondeise en plaasmoorde, is dit goed as ons ook vra na die perspektiewe wat die Bybel oor grond bied.

Die tema *grond* (of dan lewensruimte) loop deur die hele Bybel. In die gelese gedeelte is daar twee sake wat in noue verband met die tema *grond* gebruik word, naamlik die grootheid van God se genade en die vraag na God se geregtigheid.

Agtergrond

Ná koning Salomo, skeur Israel in twee koninkryke: 'n Noordelike Ryk (Israel) en 'n Suidelike Ryk (Juda). Vanaf 1 Konings 12 lees ons van die geskiedenis van die konings van die Noordryk en die Suidryk afwisselend, met 'n beoordeling van hulle gehoorsaamheid en trou aan die Here.

In hoofstuk 16:29 lees ons dat Agab, seun van Omri, koning oor Israel geword het. Tydens sy regering bereik die ontrou en afgodediens van Israel 'n hoogtepunt en Agab staan bekend as die slegste koning wat ooit oor Israel regeer het (1 Kon. 16:30). Agab trou boonop met Isébel, die dogter van koning Et-Baäl van die Sidoniërs. Die Sidoniërs was bekend vir hulle afskuwelike vrugbaarheidsgodsdiens wat met onsedelikheid en losbandigheid gepaard gegaan het.

Onder Agab se slegte leierskap en Isébel se bose invloed versprei Baälaanbidding soos 'n veldbrand en word daar selfs 'n Baältempel en 'n gewyde paal in Samaría opgerig. Die grond wat God aan Abraham beloof en aan die Israeliete as beloofde land gegee het, val dus in die hande van 'n koning en sy vrou wat dit met afgodediens en heidense gebruike besoedel. God stuur die profeet Elía om Agab te waarsku en tot bekering op te roep.

Grond

In hoofstuk 21 lees ons dat Agab begeer om Nabot se erfgrond, waarop daar 'n wingerd aangeplant is, van hom te koop. Hy maak hom ook 'n baie goeie aanbod. Hy is selfs bereid om aan hom 'n beter wingerd in die plek daarvan te gee. Agab was die koning van Samaría, maar het ook 'n paleis in Jísreël gehad. Nabot se wingerd het aan hierdie paleis gegrens en dit sou perfek werk vir 'n kruie- of groentetuin. Die probleem is dat Agab eintlik van Nabot verwag om aan God ongehoorsaam te wees.

Toe die beloofde land tussen die stamme verdeel is, het die HERE uitdruklik beveel dat die grond nie permanent verkoop mag word nie (Lev. 25:23) en dat die grond as erfdeel binne die families moes bly aan wie dit gegee was (Núm. 27:1-11 en 36:8-9).

Nabot het dus die keuse om dalk 'n beter stuk grond of baie geld te bekom, óf om aan God getrou te wees en sy erfgrond nie te verkoop nie. Hy kies om te doen wat God beveel het en antwoord Agab: *Mag die Here my daarvoor bewaar dat ek die erfdeel van my vaders aan u sou gee* (1 Kon. 21:3). In die lig van God se opdrag sou 'n mens dink dat Agab begrip sou hê vir Nabot se antwoord, maar hy vererg hom op byna kinderagtige wyse. Hy gaan lê op sy bed, staar na die muur en weier om te eet.

Hierdie soort gesindheid en reaksie is natuurlik ook vandag kenmerkend by mense wat ander se grond of eiendom begeer en dit nie kan kry nie. God waarsku juis in die Tien Gebooie teen slegte begeerte, want dit getuig

van 'n selfsugtige en ondankbare hart wat onvergenoeg na meer vra. Begeerte word ook nooit waarlik bevredig nie. Vandag nog sien ons hoe mense wat vat en vat, bly smag na meer. Aardse dinge kan eenvoudig nie die leemte van ons selfsug en hebsug vul nie.

Natuurlik is die byna patetiese Agab 'n maklike teiken vir die bose, manipulerende Isébel. Ons hoor die sarkasme in haar stem as sy vir Agab vra of hy dan nie die regeerder van Israel is nie en ons sien die despotiese voorbeeld wat haar heidense koning-vader aan haar gestel het as sy met bravade iets aanbied wat aan Nabot (maar ten diepste aan God) behoort: ... *ek sal jou die wingerd van Nabot die Jísreëliet gee* (v. 7). Isébel skryf briewe in die naam van haar man en verseël dit met sy seëlring. Haar bose plan word uitgevoer. Nabot word vals beskuldig deur twee gewetenlose manne en gestenig.

Toe Agab hoor dat Nabot dood is, gaan hy gretig en gierig na die stuk grond toe om dit in besit te neem, maar daar ontmoet Elía hom met die boodskap dat God hom en sy nageslag sal wegvee, soos wat Agab aan Nabot wou gedoen het, en dat die honde sy bloed sal oplek en Isébel sal opvreet. Om deur die honde, wat as onrein beskou is, opgevreet te word, was 'n skande en vernedering wat net die ongelukkigste mense van daardie tyd te beurt geval het.

Oor grond kan ons vanuit hierdie gedeelte 'n paar dinge aflei:

1. Alle grond behoort aan God. Die HERE sê self in Levítikus 25:23: ... *want die land is myne, omdat julle vreemdelinge en bywoners by My is.*
2. Begeerte na ander se grond en goed bring ongelukkigheid mee en maak jou kwesbaar vir die bose.
3. Grond en bloed is met mekaar verweef. In die geskiedenis het die meeste bloed oor grond gevloei en tog kan grond nie werklik met bloed gekoop word nie, want dit behoort aan God.
4. As jy soos Agab grond bekom deur onregmatig bloed te vergiet, kry jy dalk die grond in die hande, maar verkoop jy jouself aan die bose.

Genade

God se groot genade betrap ons onkant as ons die verhaal verder lees. Die slegte Agab, van wie daar in vers 25 gesê word *daar was niemand soos Agab wat homself verkoop het om te doen wat verkeerd was in die oë van die HERE nie, omdat sy vrou Isébel hom verlei het,* kom tot berou. Agab skeur sy klere, trek 'n roukleed aan, vas en loop stadig rond. Hy slaap selfs met sy roukleed. God sien sy verootmoediging raak en stel sy oordeel uit tot die tyd van Agab se seun. God se genade teenoor Agab lyk amper vir ons te veel. Hoe kan God hierdie slegte koning begenadig as hy toelaat dat 'n onskuldige man vermoor word sodat hy sy grond kan vat? Hoe kan God so genadig wees en hom nie dadelik verbrysel oor die onreg wat hy gedoen het nie?

Ons moet nie te vinnig 'n oordeel oor Agab uitspreek nie. Kom ons herinner onsself net vir 'n oomblik aan wat God in en deur Jesus Christus aan ons gedoen het. Hy was waarlik die onskuldige wat vals beskuldig is en wie se bloed gevloei het as gevolg van ons sonde. Hy is vermoor om met sy bloed te betaal sodat u en ek die ewige koninkryk, die ware beloofde land, kan beërwe. Eintlik is elkeen van ons maar ook op 'n manier soos die bedorwe koning Agab. Ons laat onsself so maklik oorweldig deur aardse begeertes en behoeftes; ons laat onsself so maklik verlei, sonder om te besef hoe duur God betaal vir die sondes waaraan ons aktief deelneem, of, soos Agab, subtiel en passief laat gebeur tot ons eie voordeel en belang.

Ja, God se genade is groot, wonderlik groot, ook teenoor ons. Hy sal 'n hart vol berou nie geringskat nie.

Geregtigheid

God se genade beteken egter nie die afwesigheid van geregtigheid nie. Die een sluit die ander nie uit nie. Drie jaar later vergeet Agab hoe jammer hy oor sy sonde was. Hy ignoreer die waarskuwing wat die profeet Miga die keer aan hom bring om nie op te trek en teen die koning van Aram te veg nie. Agab laat gooi Miga in die tronk en trek op in die noodlottige geveg teen Aram waar hy, ten spyte van sy slim plan om homself te vermom, deur 'n pyl getref word. Agab sterf op sy strydwa en die honde lek later sy bloed op by die dam van Samaría toe hulle die wa uitspoel (1 Kon. 22:38). Agab se kinders word ook later deur Jehu uitgewis (2 Kon. 9 en 10) en Isebel se voorspelde lot tref haar wanneer sy by haar kamervenster uitgegooi word en die honde haar opvreet (2 Kon. 9:30-37).

Ware berou en bekering beteken dat ons opreg, met ons hele hart, verstand en krag wegdraai van die sonde en deur die genade van Jesus Christus in 'n verhouding van dankbare gehoorsaamheid tot die lewende God van hemel en aarde leef.

Vervolg op bl. 11

Amptelike skrywe soos uitgereik deur die Sentrale Kerkekommissie

Ope brief aan die Staatspresident

Geagte Meneer die Staatspresident,

U sterk evangeliese agtergrond en gereelde optrede by Christelike kerke, het daartoe gelei dat u as staatspresident, Christene by meer as een geleentheid in die openbaar opgeroep het om as morele kompas vir die land te dien en die kerk versoek het om vir u en die regering te bid. As lidmate van die Afrikaanse Protestantse Kerk doen ons dit gereeld – nie omdat u dit versoek het nie, maar omdat God, die Here, in sy Woord die opdrag daartoe gegee het. Alle gesag behoort aan Hom: Hý sit konings af en stel hulle aan (Dan. 2:21). Aan regeerders verleen Hy die gesag om as 't ware namens Hom só te regeer dat mense ... *'n rustige en stil lewe kan lei, in alle godsvrug en waardigheid* (1 Tim. 2:2). Daarom bid gelowiges vir gesagsdraers, dat hulle God se opdrag getrou, tot sy eer en tot heil van hulle onderdane mag uitvoer. Ook u gesag as staats- en regeringshoof is verleende gesag – dit is aan u verleen deur die ewige Koning, Jesus Christus. Daarom is u aan Hom verantwoordelik vir die manier waarop u die gesag wat Hy u gegee het, uitoefen.

Die Here roep mense op om sy getuies te wees. Die getuies se woorde is ontleende woorde en hulle getuienis slegs getuienis van wat hulle gehoor het. Hulle mag nooit anders sê nie as: "So spreek die Here." As getuies van die Here is hulle dus ook aan God verantwoordelik vir die manier waarop hulle sy raad en wil aan u betuig. In die nederige gesindheid van 'n kneg in diens van die Here, word hierdie skrywe aan u gerig in 'n beskeie poging om iets te laat hoor van die kommer in die hart dat die eer van God en die heil van die mense oor wie u regeer, deur u regering aangetas word.

As daar vir u regering gebid word, kan dit nie anders nie as volgens die inhoud en voorbeeld wat die Here Jesus self aan ons geleer het in die volmaakte gebed, die *Onse Vader*. Wanneer daar gebid word, ook wanneer u vra dat daar vir u en u regering gebid moet word, dan moet daar met ootmoed en erns tot God genader word. Iemand wat bid wat hy nie bedoel nie, laster teen die Here. Dit sou vir hom beter wees as hy sou swyg.

Die eerste drie bedes van die *Onse Vader* is die onontbeerlike fondament vir 'n rustige en stil lewe in godsvrug en waarheid.

> ***Laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied ...* (Mt. 6:9-10), is die smeekbede dat daar, uit respek en eerbied vir God, erns gemaak sal word met sy Naam; sy gesag en sy wil.**

Die drie bedes eggo die eerste vier gebooie van die Here, wat ons daartoe dring om geen ander gode te hê of te aanbid nie; met eerbied en erns voor God te lewe en Hom nie anders te dien as wat Hy beveel nie.

Dit bly vir ons onbegryplik dat 'n staat waarvan meer as sewentig persent van die inwoners te kenne gee dat hulle in Christus Jesus glo, bereid is om dié drie bedes gering te skat deur met 'n neutrale grondwet tevrede te wees. U regering is egter nie bloot neutraal nie. U handhaaf nie slegs die beginsel van godsdiensvryheid nie. Inteendeel, as regering bevorder en propageer u in die openbaar godsdiensgelykheid. By regeringsgeleenthede nooi u regering alle gelowe om saam te bid en godsdienstige rituele uit te voer. So maak u regering 'n bespotting van die gebed en van God se wet. U spot met God – en geen erger ydel gebruik van sy Naam is denkbaar nie.

Daarmee kom die grondliggende en ware swakheid van u regering en sy optredes aan die lig. U moet onthou: U en die regering is nie eerstens aan 'n party of aan 'n parlement of aan kiesers verantwoording verskuldig nie. U is heel eerste aan God verantwoordbaar. As daar nie eerbied en ontsag vir Hom as die enigste, ware, lewende God is nie, sal daar ook nie respek vir sy gesag of wil wees nie. Hy waarsku dat Hy elkeen wat ligtelik met Hom omgaan en sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf sal laat bly nie (Ex. 20:7).

Die kerkhervormer, Johannes Calvyn, het aan koning Frans van Frankryk geskrywe: "Die koning wat in sy ryk nie só regeer dat hy die heerlikheid van God dien

nie, beoefen nie regering nie, maar pleeg roof." Kom die plundering van die land onder die regerings van die afgelope 25 jaar nie neer op die berowing van God se eer nie en is dit nie 'n sprekende bewys van die waarheid van Calvyn se woorde nie?

Die Here Jesus leer ons verder bid: *Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe* (Mt. 6:11).

Dit is 'n bede om 'n lewe waarin daar vir elkeen ruimte tot bestaan en roepingsvervulling is. In die wet van die Here gee Hy self vir ons die gebooie wat dit moontlik maak om so 'n lewensruimte te handhaaf. In die gehoorsaamheid aan God se wet, word daar vir elkeen 'n plek gegee waar hy sy roeping kan nakom; homself en dié wat aan sy sorg toevertrou is kan beskerm en versorg; die eiendom wat hy uit die hand van God ontvang in vrede kan benut; sy eer en goeie naam kan behou. Waar daar só gelewe word, is daar ruimte vir deernis met mekaar en erkenning dat ons almal uit God se hand en in sy genade leef; sodat die reg op barmhartige wyse gehandhaaf kan word.

Die gehoorsaamheid begin by die respek wat ons het vir God en vir die mense met wie ons saam lewe. Dit word uitgedruk in gehoorsaamheid aan die gesag van hulle wat God oor ons gestel het. Daaruit volg respek vir die reëls waarvolgens en die grense waarbinne ons met mekaar saam lewe. Sonder respek vir mekaar en vir wet en orde, is geen ruimte moontlik vir 'n samelewing waar 'n rustige en stil lewe in godsvrug en waardigheid gelewe kan word nie. Sonder daardie respek is daar geen deernis en omgee vir mekaar se swakheid en nood nie en word die reg 'n klug om eiebelang te beskerm.

Laat ons nie doekies omdraai nie, Meneer die President. Die misdaadgolf in hierdie land is nie die gevolg van broodsgebrek en ekonomiese nood nie. Dit is die gevolg van 'n diepliggende gebrek aan respek vir God, vir sy Woord, vir wet en orde en vir die mense met wie saam geleef moet word. Met diep kommer moet gestel word dat u regering aktief tot die gebrek aan respek bydra. U regering ondermyn ouerlike gesag en daardeur respek vir alle gesag, met wetgewing wat lyfstraf as wyse waarop ouerlike tug en opvoeding tuisgebring mag word, kriminaliseer. U regering laat toe dat duisende ongebore kinders elke jaar deur aborsie vermoor word, maar iemand wat moord pleeg, mag nie die doodstraf kry nie. So ondermyn u regering die waarde en waardigheid van lewe en spoor doodslag aan deur nie diegene wat dood en geweld aanblaas, te straf nie. U inkonsekwentheid ten opsigte van haatspraak, u onwilligheid om plaasmoorde soos bendegeweld as prioriteitsmisdade te hanteer tesame met 'n korrupte polisiemag, hits die disrespek aan.

U regering vernietig respek vir die heiligheid en die waarde van die huwelik as hoeksteen van 'n gesonde gemeenskapslewe deur selfdegeslag-huwelike te wettig, pornografie toe te laat en seksuele uitspattigheid deur middel van die nuwe voorgestelde leerplan vir lewensoriëntering (sg. "CSE") te legitimeer en te bevorder. Korrupsie, wat steeds onder u regering voortwoed, ken geen respek vir eiendom, geld of goed nie. Onder u regering word erfgrond soos 'n Nabotswingerd beskou – as die koning dit wil gryp, doen hy dit. U regering ondermyn respek vir die waarheid deur die valse beskuldigings waarmee die witmense in die land gedemoniseer word. U eie verwronge weergawe van die gebeure by Bloedrivier getuig daarvan. Daarby ondermyn u regering die respek vir die reg deur dikwels met vooroordeel te handel en te vonnis.

Calvyn skryf aan koning Frans: "Voorts bedrieg 'n koning homself wanneer hy langdurige voorspoed vir 'n ryk verwag wat nie deur die septer van God, dit is deur sy heilige Woord, geregeer word nie." Hoe verwag u dat daar onder u regering voorspoed in die land kan wees sonder gehoorsaamheid aan God se gesag en wil?

Gebrek aan respek vir God, vir ander en vir wet en orde, vernietig selfrespek. Dit laat selfsug en soeke na eiebelang in mense botvier as die enigste manier waarop hulle sin aan hulle bestaan gee. Die Here leer ons om te bid dat ons bestaan nie daardeur vernietig sal word nie:

***... en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose* (Mt. 6:13). Die laaste van die Tien Gebooie dring ons om ons eie begeertes ondergeskik aan God se wil en beskikking te stel.**

Die grondslag van u regering berus egter op die uitgangspunt van die regte van mense en nie op die reg van God nie. In homself dra die veel geroemde grondwet die kiem van ondergang. Dit spreek immers van die heel vroegste verleiding: Dat 'n mens nie aan God gehoorsaam hoef te wees nie, maar self jou eie godjie kan word. In hierdie valsheid word 'n land prysgegee aan die Bose; word 'n staat die gestalte van die antichris.

Vervolg op bl. 15

Die sosio-ekonomiese effek van plaasaanvalle: Vir Suid-Afrika en die kerk

Bennie van Zyl

***In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet* ... Dit was God se beslissing ná die sondeval in Génesis 3:19. Dit sluit inderdaad aan by ons kultuuropdrag (Gén. 1:28 en 2:15). Die mens moet skep en bou vir die toekoms. Vir die landbouer is hierdie Skrifgedeeltes deel van hul bestaansreg, hul begronding en vorm hulle hul toekomsvisie juis vanuit die Woord van God.**

'n Verskeidenheid aspekte op die landbouer se lessenaar veroorsaak tans baie onsekerheid in Suid-Afrika en word die maak van keuses vir boere daagliks moeiliker. 'n Baie onseker beleidsomgewing, veral rondom besitreg van die grond waarop daar geproduseer word, tesame met 'n onsekere veiligheidsomgewing, is aspekte wat grootliks by mekaar aansluit en baie negatief inwerk op die psige van boere, hul gesinne en werkers.

Die werklikheid is dat ons tans in Suid-Afrika 'n regering het wat geensins die regte dinge doen wat nodig is om die land te regeer nie. Hulle fokus is eerder om hul as politieke party te probeer red in plaas daarvan om na die belange van Suid-Afrika se inwoners om te sien. Hul beloftes wat nie (kan) realiseer nie, skep groot verwagtings en ook 'n klimaat waar 'n kultuur gevestig word dat blankes spesifiek skuldig is aan die misdryf van gronddiefstal en dat dit, ongeag die gevolge, nou reggestel moet word. Die waarheid oor die geskiedenis van grondbesit sal uitwys dat die swartmense se aanspraak op grondbesit nie anders is as die blankes s'n nie. Verder is grond volgens internasionale regsbeginsels bekom. Hierdie aspek dra saam met ander faktore daartoe by dat ons plaasboere teikens word en aangeval en vermoor word.

Elke kommersiële boer verskaf daagliks voedsel aan ongeveer 1700 van ons verstedelikte bevolking in Suid-Afrika (wat reeds ongeveer 70% van ons totale bevolking uitmaak). Die regering se grondoordrag-proses het volgens hul eie erkenning 'n mislukkingsyfer van by die 90% met grond wat uit produksie gaan. Dit is belangrik om van hierdie tendens kennis te neem sodra daar oor voedselsekerheid gepraat word. Armoede en werkloosheid is een van die groot uitdagings van die tyd – twee aspekte wat jaarliks weens die regering se beleidsomgewing groei.

Naas die vervaardigingsbedryf, skep boere as werkgewers seker die meeste werk in ons land. Die bydrae wat plaaslik in gemeenskappe gemaak word om die sosiale lewe vir hulle en hul gesinne, maar ook vir die plaaswerkers en hul afhanklikes te laat gedy, word dadelik agtergekom sodra landbou onder druk begin verkeer. Die uitmergelende droogte in sekere gemeenskappe het dit duidelik uitgewys. Gemeenskappe soos skole en kerke, asook die sosiale en kultuurlewe in die landelike gemeenskappe, word onmiddellik nadelig geraak sodra net een boer nie meer in produksie is nie. Landbou verskaf ongeveer 750 000 werksgeleenthede en indien die minimumloon teen byvoorbeeld R3 200 bereken word (wat in die praktyk beduidend meer is), bring dit mee dat meer as R2,4 miljard maandeliks net vanuit die plaaswerkers in die landelike gemeenskappe spandeer word.

Suid-Afrika se boere ding inderdaad mee teen ander lande se regerings met dié dat daar in baie van die lande omvangryke subsidies aan hulle landbouers gegee word, terwyl ons eie boere selfs in tye van nood feitlik geen hulp van ons regering ontvang nie. Ons boere is egter steeds baie mededingend op die internasionale markte. Dit beteken dat 'n kundige boer kompeterend moet wees en bly. Die benutting van die beste tegnologie en kennis is hiervoor noodsaaklik. Dit beteken dat die boere deurlopend in vertroue vir die toekoms moet belê.

Die konteks soos hier bo geskets, is nodig om te verstaan dat die gemoedstoestand van boere en hul gesinne

deurlopend deur 'n verskeidenheid aspekte beïnvloed word en dat dit wat met elke plaasmoord gebeur, se gevolge in die klein, maar ook in die groot prentjie verreken moet word.

Ná elke plaasmoord is daar 'n verskeidenheid aspekte wat onmiddellik inskop. Die grootste aspek is trauma met die verlies van 'n geliefde(s). Die aard van die geweld en ook die skielike realiteit, maak dit dikwels anders as wanneer iemand op natuurlike wyse tot sterwe kom. Nie elke persoon besit die vermoë om sinvolle traumaberading te gee nie. Dit is baie belangrik dat hierdie professionele hulp dadelik beskikbaar moet wees om seker te maak dat die naasbestaandes die uiters onbillike realiteit so goed as moontlik verwerk. Die werklikheid is dat al die ondersteuners weer huiswaarts keer en ná die begrafnis met hul lewens aangaan, maar die naasbestaandes moet die deur agter hulle self toetrek en dan die harde realiteit self verder hanteer.

Hierdie trauma is nie net vir die naasbestaandes iets om te verwerk nie. Die plaaswerkers is onmiddellik ook in 'n posisie van uiterste onsekerheid. Dit is nie noodwendig dat hulle steeds werk sal hê ná die dood van hul werkgewer nie en gevolglik verbrokkel baie van hulle se bestaansomgewing ook in die proses. Die gemeenskap ervaar die gevolge van elke plaasmoord ook baie intens. Vertrouensverhoudings in gemeenskappe ly skade en word vernietig. Die rolspelers in 'n gemeenskap word met baie onbeantwoorde vrae en onsekerhede oor die toekoms gelaat.

Op die ekonomiese terrein sal daar, afhangende van die kommoditeit waarmee geboer word, vir 'n paar jaar moontlik nie enige produksie plaasvind nie. Dit het 'n groot impak op die plaas, maar ook die landelike ekonomie in daardie omgewing en selfs die groter omgewing. Op die sosiale en kulturele vlak het 'n plaasaanval onmiddellik 'n groot impak. Die skool, kerk en al die sosiale en sportverenigings begin dadelik anders kyk na hulle dag-tot-dag werksaamhede. Dinge begin dikwels degenereer aangesien instellings meestal swaar op die bydraes van boere steun. Die rimpeleffek van elke plaasaanval se sosio-ekonomiese gevolge het ongelukkig nie 'n einde nie en kring uit om uiteindelik die hele land te raak.

Die vraag is waar die lyn getrek moet word. Wanneer is die ingrepe te groot dat dit nie meer aanvaarbaar is nie? Die korrekte antwoord is dat dit al voor die eerste geval behoort te wees. Een aanval en moord is reeds een te veel. Ongelukkig beskik Suid-Afrika grootliks oor 'n afwesige regering wanneer dit kom by hulle verantwoordelikheid om na die inwoners van Suid-Afrika se veiligheid om te sien.

Wat staan ons te doen in hierdie totaal onaanvaarbare omstandighede?

As Christene weet ons dat God in beheer is – in die verlede, vandag, maar ook in die toekoms. Daaruit moet ons ons krag put vir die uitdagings waarmee ons daagliks gekonfronteer word. Ons moet seker die kragtigste wapen wat ons het, aantrek, naamlik die wapenrusting van God (Efés. 6:10-20). In die proses moet ons die geloof behou en met danksegging volhard om by die Waarheid te staan. Elkeen van ons staan in die amp van gelowige en al is ons vol sonde, kan ons opstaan vir dit wat reg is, want ons is begenadigde sondaars. Dit is in hierdie dae wat ons mekaar onderling moet onderskraag en moed gee om te volhard met dit wat ons taak hier op aarde is. Die kerk het hier veral 'n belangrike rol om te vervul om deurlopend vir ons landbouers in gebed in te tree en seker te maak dat ons as kerkgemeenskap mekaar sal bystaan en onderskraag. Daagliks word ons onbeperk geseën met God se genade, maar ons het ook 'n verstand en verskeie talente ontvang. Dit moet ons gebruik om ons kultuuropdrag juis sinvol tot uitvoer te bring. Ons moet ook aanvaar dat ons veiligheid in die toekoms grootliks in ons eie hande sal wees.

BESOEKERS WELKOM! ... vervolg op bl. 15

AP KERK WARMBAD: Eredienste 9:00, AP kerkgebou, h.v. Katjiepiering- en Huilboslaan.
Navrae: Wilma Smith, 014 161 0676 of 079 703 4304; Oudl. Willie Conradie, 082 923 5935

AP KERK KNYSNA: Eredienstye is 10:00 te Cearn Hall, Hallstraat, Leisure eiland, Knysna.
Navrae: Oudl. Christo Matthee, 083 769 9313 of 044 382 1510 (na-ure)

AP KERK BRAKRIVIER: Besoekers, nuwe intrekkers en vakansiegangers hartlik welkom by ons erediens Sondagoggend om 09:30 in ons kerkgebou te Seesterlaan 2A, Reebokhoogte. Leraar: Vakant, preekreëling met prof. R Marè.
Voorsitter van Kerkraad: Oudl. Doep du Plessis, 082 789 4918; Saakgelastigde: Steve Olivier, 083 564 4709

AP KERK SUIDKUS: Eredienste 09:00. AP kerkgebou, Alexanderweg 58, Gayridge, Margate (padkaart op bl. 26).
Navrae: Kobie Jacobs, 039 313 5181 of 082 896 3236

Nag van verskrikking!

Oorlewendes van 'n plaasaanval vertel hul verhaal

Sam en Meisie Liversage

Meisie en Sam Liversage

Ek is Sam Liversage. In Mei 2017 was ek en my vrou, Meisie (Marthie), onderskeidelik 68 en 67 jaar oud toe ons op ons plaas aangeval is.

Ons woon sedert 1972 op die plaas Klipgat, Roedtan-distrik. Dit was jagtyd. Tydens die naweek van 15 Mei het ons jagters gehad. Sondag omstreeks twaalfuur was hulle weg. Ons het oudergewoonte laatmiddag gaan stap en was skemer tuis. Ná n besige naweek is ons vroeg bed toe. Omstreeks vieruur die oggend het ons wakker geword van n dowwe geluid – amper soos 'n duif wat teen iets vasvlieg. Daar was uile wat in die dak gebroei het en ons het nie veel aandag daaraan gegee nie.

Ons was amper weer aan die slaap toe die alarm afgaan. Dit maak eers net 'n sagte geluid voordat die sirene sou afgaan. Ons het gewag om te sien of daar beweging na 'n volgende ogie is. Ons was beide gewapen en gereed en het omtrent 15 minute gewag voordat ek besluit het om te gaan kyk wat aangaan. Dit het al dikwels gebeur dat spinnekoppe en geitjies die alarm laat afgaan het.

Ek is stadig by die kamer uit. Dit is maar drie tree tot waar die gang eindig. Met my wapen in my hand het ek versigtig, in gebukkende houding, effe om die hoek gekyk na die rondawel waar die ogie beweging opgetel het. Dit vorm deel van die huis. Ek was nog besig om te kyk vir beweging van regs in die vertrek, toe 'n straal vuur van links af kom met die knal van skote. Die aanvaller het op die vloer gelê en my ingewag. Die skote was so vinnig afgevuur, dat nie ek of my vrou dit kon tel nie. Ek het van skok 'n oomblik gevries en nie dadelik besef dat ek raak geskiet is nie. Toe ek die lug- en bloedborrels op my rug hoor soos wat ek asemhaal, het ek besef dat ek ernstig gewond was.

Alles gebeur binne sekondes en ek het net vir my vrou gesê "hulle het my", sodat sy kon weet wat die situasie is, want dit was vir my belangrik. In so 'n oomblik gee die Here jou krag en kalmte. Ek het hard op hulle geskree. Op daardie oomblik vlieg die een wat geskiet het hande viervoet op en mik vir die venster waar hulle die diefwering gebreek en ingekom het. Toe sien ek hom vir die eerste keer waar die deur halfpad oop is en skiet terug, terwyl hy beweeg. 'n Tweede persoon het met sy lang, maer arms die deur toegestoot. Hy was net vir 'n oomblik sigbaar. My pistool kon nie weer vuur nie.

Daar is vyf skote op my afgevuur. Die Here was goed vir my. Ek kon staande bly en is die drie treë terug kamer toe en het teen die hangkas gaan sit. Ek het al swakker geword van die skok en bloedverlies. Meisie het haar pistool vir my gegee en terwyl ek die deur en deel van die gang kon sien om dekking te verleen, het sy probeer bel.

Seine op die plaas is uiters swak en op die selfoon was geen ontvangs nie. Gelukkig was haar tablet in die kamer en kon sy bel. Die SAP antwoord tot vandag toe nie ons oproepe nie. My dogter op die plaas langsaan het ook nie sein gehad nie, maar sy kon my seun wat in Ellisras woon in die hande kry. Sy kon net die woorde "Pa is geskiet, kry hulp" vir hom sê om nie tyd te mors nie. Hy het die plaaslike Burg B-man se nommer en kon hom skakel.

Eers toe kon sy die wapen by my neem om ons te beskerm sou hulle terugkom, aangesien ons toe nog nie geweet het of hulle gevlug het of nog daar was nie. Dit is die aakligste gevoel om met 'n wapen wydsbeen oor jou man te staan en wag. Meisie is n gekwalifiseerde verpleegkundige, maar kon op daardie stadium net toekyk. Voordat hulp nie opgedaag het nie, kon sy nie help nie. Jy voel hulpeloos, want jy sien al die bloed en weet hoe ernstig dit is. As die skoot twee duim links was, was dit deur die hart.

Binne 15 minute ná die radioberig, het hulp opgedaag. My dogter en bure, wat met hul kinders op pad was Pietersburg toe, was eerste daar. Gou was Roedtan se noodvoertuig daar. Tyd was kosbaar en ek (Meisie) het al die pad tot in Potgietersrus gebid waar ons huisdokter 'n drup kon insit. Sam se are het begin platval en gevolglik ook sy bloeddruk. Ons is aangesê om onmiddellik na Netcare se hospitaal in Pietersburg te ry.

Paramedici het ons net voor Pietersburg gekry, net gekyk en voor ons uitgery na die hospitaal waar hulle vir ons gewag het. Sam is gestabiliseer en was sewe dae in die intensiewe eenheid en nog dae in die hospitaal. Deur die genade van onse Here het hy dit oorleef wat baie ander nie beskore is nie. Nadat die dokters en personeel oorgeneem het, het die skok eers ingetree en het ek myself toegelaat om te laat gaan.

Ek is die Woensdag saam met my seun terug plaas toe om onder meer vuurwapens en ander waardevolle items te gaan verwyder. Ek was te bang om by die deur in te gaan. In daardie huis sal jy nooit weer veilig voel nie, al is daar diefwering voor alle vensters en deure. Ons bly tans in Naboomspruit.

Daar was meer as 50 boere, asook die manne van die *Heritage Protection Group* van Thabazimbi. Hulle het die aanvallers 20 km verder teen die Marble Hall-teerpad aangekeer. Hulle sit nog in die tronk. Al drie het vorige veroordelings. Vir die aanval op ons, sou hulle op 20 Februarie vanjaar gevonnis word.

Danksy die Here se genade kan ons hierdie verskriklike verhaal met julle deel. Ons was paraat en tog het dit gebeur. As ons jonger was en nog kon boer, sou ons, maar nou is ons nie meer daar nie. 'n Gemeenskap wat saamstaan, is noodsaaklik, soos in hierdie geval ook bewys is. Wees net daar vir die mense, want die skok tree eers later in. Daar is baie boere wat hul radio's verskuif het, wapens aangeskaf het, geleer het om dit te hanteer – mans sowel as vrouens, hul huise se beveiliging verbeter en noodplanne opgetrek het.

Sonder geloof en vertroue in die Here kan jy nie so 'n pad stap nie. Dit hou jou op jou voete en aan die gang. Ons word nou nog wakker en herleef die gebeure. Sal ons dit ooit vergeet? Ek glo nie. Elke keer wat jy in die hof sit, herleef jy dit en dit is Meimaand al drie jaar gelede. Gelukkig kon ons die storie met julle deel.

Vervolg vanaf bl. 5

Grond, genade en geregtigheid

God het ook nie ons sonde geïgnoreer of ongestraf laat bly nie. Nee, al het ons onsself soos Agab aan die Bose verkoop en al was ons erfdeel die ewige dood, het God ons teruggekoop en vrygekoop met die kosbare bloed van sy eie Seun, Jesus Christus, ons Here. God het die sonde gestraf deur Jesus Christus aan die kruis te laat sterf.

God bly dus 100% die God van geregtigheid, maar tegelyk neem God die straf op Homself, sodat Hy ook 100% die God van genade is. God is 100% genadig en regverdig tegelyk.

Kom ons som op wat ons in hierdie gedeelte oor grond, genade en geregtigheid geleer het.

- Eerstens het ons geleer dat alles aan God behoort – alle grond, alle eiendom, alles wat bestaan. God is die Eienaar van die lewe en ons is die mense wat nou so bevoorreg is om as bywoners op God se grond en in God se lewensruimte te mag bestaan.
- Tweedens het ons geleer dat begeerte 'n mens se lewe kan vernietig. Dit maak jou kwesbaar, manipuleerbaar en lei jou weg van 'n afhanklike verhouding met die Gewer van alle goeie dinge.
- Derdens het ons weer opnuut besef hoe ondenkbaar groot die genade is wat God aan ons bewys het in en deur Jesus Christus.
- Laastens het ons ook weer gesien dat God se genade nie sy regverdigheid en geregtigheid uitsluit nie. God sien ook die onreg raak en sal op die regte tyd die regte oordeel daaroor vel.

Kom ons gaan leef weer opnuut met die troos dat ons die almagtige Skepper en Onderhouer van die hemel en die aarde kan vertrou en liefhê met ons hele wese. Hy is die Een wat aan ons die ware lewensruimte in Christus skenk. Kom ons reageer dankbaar en gehoorsaam op sy genade.

1 Dr. Hoffman het hierdie preek ingedien toe hy nog status binne die AP Kerk gehad het.

Hoe verwerk ’n Christen die trauma van ’n (plaas)aanval?

Prof. Johan Bosman

Presies in die menswording, sterwe en opstanding van die Here Jesus, vind ons die onweerlegbare kruks van God se Vaderlike liefde, ontferming en guns. Ek hoef my dus nie aan die sinneloosheid prys te gee nie.

’n Aanval is wreed. ’n Aanval is onregverdig. Jy het nie daarvoor gevra nie. Die doel daarvan? Sodat jy verloor. Dit maak jou tot slagoffer. ’n Mens voel so magteloos, so hulpeloos en uitgelewer. Hoe kan jy ooit vergeet? En, haat ... die bitterheid? Sal dit werklik help? Wat is dan tog die sin van hierdie bestaan? Om bloot mens te wees, en Christene is mense, laat jou die onwelkome pyn en lyding van ’n (plaas)aanval net soos enige ander ervaar. Jou liggaam se reaksies speel ’n rol, so ook ’n mens se gedagtes, emosies en optrede – dit alles natuurlik binne die bewustheid van ’n baie onveilige omgewing.

Die sondeval

Christene vind onder meer herstel in wat die Heilige Gees vir ons in die Bybel laat opteken het. Daar lees ons van God se goeie skepping wat in die sonde geval het. Die duiwel loop rond soos ’n brullende leeu en soek wie hy kan verslind (vgl. die boek Job). Ons is selfs in sonde ontvang en gebore. Die hele skepping tesame sug oor die sondige toestand van ons huidige bestaan. Die kinders van God in die besonder, sug ook daaroor. Selfs die Heilige Gees sug. Lees maar Romeine 8:18-30.

Vervreemding

Die toestand van die sondeval is nie mooi nie. Dit is omvattend, met allerlei dimensies en aspekte. Die harde werklikheid van ’n (plaas)aanval wil jou van God vervreem en ook van jou naaste. Jou binnekant sukkel byvoorbeeld ook om die “almag van God” en die “goedheid/liefde van God” sonder spanning te ervaar. Soos een navorser opmerk: *Wanneer trauma toeslaan, word jou basiese vooronderstellings uitgedaag en soms ook [verpletter] ... die teorie wat ons gehelp het om sin te maak uit alles, val dan plat – die raamwerk kan die prentjie nie meer bevat nie.*[1] Die Christelike boodskap oor die sondeval bring wel nugterheid. Wie daardie boodskap toeëien, benader die trauma van ’n (plaas)aanval met hulpbronne wat help om alles te verwerk.

Perspektief

Is ons dan bo ons Leermeester verhewe? Die duiwel het selfs die onskuldige, ja, sondelose Verlosser van sonde nie gespaar nie. Ook sy uitgestuurdes is aangerand – herhaalde male. Sommige Christene is sommer in die openbaar wreed vermoor, sonder dat iemand toetree of help. Dink maar aan Stéfanus (Hand. 7:58). Waar ’n sondige werklikheid domineer, dreig dit byvoorbeeld om iets soos die “almag van God” in jou gemoed skeef te trek: God word in jou gemoed ’n sadis. Of jy neig daartoe om jouself van Hom te distansieer. So kan jy byvoorbeeld voortaan selfs ’n “neutrale/ongodsdienstige” posisie wil inneem. Jy neig om dood te wees vir God.

Op pad na herstel

Besef ’n mens egter dat die sondeval nie maar net louter ’n “leerstelling”, iets abstrak is nie, maar ’n harde werklikheid met daadwerklike gevolge, dan verander dit nogal die prentjie in jou binnekant. Jy soek nie fout by God nie. Inteendeel. Hy is en word eerder jou hoofbron van hulp en steun in hierdie gevalle toestand van die skepping. Het ons dan nie spesiaal en spesifiek die Trooster ná die Here Jesus se hemelvaart ontvang nie?

Verlossing

Die Duitse teoloog, Otto Weber (1902-1966), is bekend vir sy gedagte: “Sonde is ’n middelwoord.” Sonde is nie die begin nie, maar ook nie die eindwoord van alle dinge nie. Gelukkig tog! Sonde staan tussen God se goeie skepping aan die een kant en God se verlossende herskepping aan die ander kant. Die vertroosting vir Christene gaan dus onder leiding van die Heilige Gees nog verder. God laat immers nooit die werke van sy hande vaar nie. *Soos*

'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm God Hom oor die wat Hom vrees (Ps. 103:13). Presies in die menswording, sterwe en opstanding van die Here Jesus vind ons die onweerlegbare kruks van God se Vaderlike liefde, ontferming en guns. Ek hoef my dus nie aan die sinneloosheid prys te gee nie. Ek hoef nie in eensame isolasie te vergaan nie. Dit is moontlik om te werk aan allerlei skuldgevoelens en selfverwyt wat 'n mens wil oorweldig. Die simptome kan weer normaliseer. Uiteindelik kan ek weer balans ervaar en vol hoop, vertroue en toekomsverwagting leef.

My enigste troos

Sondag 1 van die Heidelbergse Kategismus word veral ná 'n (plaas)aanval veel meer kosbaar – selfs teen die anti-goddelike weersin in, wat jou gedurig wil oorrompel en wat jou geloof finaal wil verbrysel. Immers, Christene bely daarin wat ons enigste troos in lewe en in sterwe is:

> ***Dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus, toebehoort, wat met sy dierbare bloed vir al my sondes ten volle betaal, en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos het, en my so bewaar, dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my hoof kan val nie, ja ook, dat alles vir my tot my saligheid moet dien; daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.***

Nogmaals perspektief

Herstel ná 'n (plaas)aanval is vir seker moeilik. Dit is dus moontlik dat hierdie woorde van ons gemeenskaplike belydenis in oomblikke van broosheid, pyn-ervaring en worsteling uit al die meedoënlose skommelings van post-traumatiese stresversteuring, nie vertroostend kommunikeer nie. Die apostel Paulus is iemand wat trauma van naby geken het – aan sy eie lyf. Hy getuig daarvan in 2 Korinthiërs 11:24-26. Hy is ook iemand wat die gees van onderskeiding demonstreer:

> ***In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is verleë, maar nie radeloos nie; vervolg, maar nie verlate nie; neergewerp, maar nie vernietig nie. Gedurig dra ons die doding van die Here Jesus in die liggaam om, sodat ook die lewe van Christus in ons liggaam openbaar kan word. Want altyd word ons wat lewe, oorgelewer in die dood om Jesus wil, sodat ook die lewe van Jesus in ons sterflike vlees openbaar kan word (2 Kor. 4:8-11).***

Christelike verwerking

Dit is waar die trou van God vir 'n mens deurbreek sodat daar, in hierdie gevalle toestand van die skepping, van 'n Christelike verwerking van die trauma van 'n (plaas)aanval sprake is. In jou diepste wese groei die genesende oortuiging vars en moedgewend dat jy wél te alle tye op God kan staatmaak. Hy het Hom dan in die doop aan my verbind "om my God te wees" (vgl. Gén. 17:7). Tydens elke nagmaal ontvang ek sy waarborg: *So seker as wat hierdie brood voor ons oë gebreek en hierdie beker aan ons gegee word, en ons dit met die mond eet en drink, só seker het ons deel aan Christus, sy sterwe en opstanding*. Wat 'n Vriend het ons in Jesus ... Nêrens is 'n Vriend getrouer. Oorwinningshulp bestaan vir seker. In Christus is ek met God versoen. Daarom bevestig die Trooster (Heilige Gees) in my gemoed dat God, teenoor alle destruktiewe en bose magte, wel aan die kant van godvresendes staan. As Regter sal die kwaad beslis nie skotvry gaan nie. Lees maar Psalm 73. Die gelowige kom aan die anderkant uit in die wete:

> ***Al beswyk my vlees en my hart – God is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid* (Ps. 73:26).**

Dankbaarheid

Onder leiding van die Heilige Gees maak Christene daarom dankbaar gebruik van alles wat ons hemelse Vader in Christus, deur die Heilige Gees, bied sodat 'n mens weer voluit kan leef. Prof. Wentzel Coetzer[2] gee talle praktiese riglyne om te gebruik. Druk dus die pouse-knoppie. Doen onder meer die volgende: Erken jou eie gevoelens. Praat met ander. Praat is helende medisyne. Onthou, jy ervaar normale reaksies in 'n abnormale situasie. Aanvaar ondersteuning deur geliefdes, vriende, bure, kerklik of vanuit die gemeenskap. Identifiseer klein realistiese doelwitte om struikelblokke aan te spreek. Kry duidelikheid oor gevoelens en vooronderstellings met betrekking tot jou huweliksmaat/vriend/vriendin. Fisiese oefening help stres ontlaai. Eet goedgebalanseerde en gereelde maaltye. Onverwerkte kwessies moet nie geïgnoreer word nie.

1 Vgl. Schutte, SC. 2004. *Die ontwikkeling en evaluering van 'n traumabegeleidingsprogram vir slagoffers van plaasaanvalle: 'n maatskaplikewerk-ondersoek.* Potchefstroom: PU vir CHO (Proefskrif). Bl. 105.

2 *Trauma – die meedoënlose vyand. Praktiese riglyne vir pastorale begeleiding.* 2013. Potchefstroom: PTP.

Onthou om te onthou!

Ds. Johan Schütte

Wat is die gedagtes wat by jou opkom wanneer jy aan 'n boer dink? Watter prentjie sien jy in jou geestesoog? Bruingebrande arms? Khaki-klere? 'n Omgeploegde land? 'n Grasveld vol Bonsmaras ? Of dalk die Karoo met sy uitgestrekte vlaktes en skaaptroppe?

Dalk sien jy in jou gedagtes gebarste hande wat weet hoe om 'n draad te span, 'n sementdam te bou, 'n ooi te help lam of 'n koei te help kalf, 'n perd in te breek en 'n vrou te liefkoos. Dink jy ook aan modder en bloed, stof en as? Het jy al ooit gedink aan die liters boerebloed wat op die Suid-Afrikaanse bodem gevloei het? Vir hierdie erfdeel van ons het daar inderdaad al baie bloed gevloei en ons mag dit nooit vergeet nie.

Ons lees dikwels in die Bybel van gedenktekens: monumente wat 'n stil getuienis aan verbygangers lewer en wat latere geslagte help om te onthou. "Onthou!", is wat die klippe en stene van elke gedenksteen uitroep. Ook wanneer dit kom by elke boer en sy familie wat die slagoffers van sadistiese marteling en barbaarse, onmenslike moordenaars geword het. Hiervoor is daar twee gedenktekens opgerig.

Langs die N1, op pad na Pietersburg, is die Witkruismonument waar meer as sewe ton staalkruise sedert 16 Junie 2004 teen die Ysterberg naby Potgietersrus opgerig is en wat elke jaar net meer word. Dit is nie net 'n sigbare beswaar teen die plaasmoorde in ons Vaderland nie, maar bring ook hulde aan elke boer wat wreedaardig vermoor is. Elke kruis getuig nie slegs van 'n familie se onbeskryflike hartseer nie, maar ook van 'n gemeenskap wat nie wil vergeet nie.

Die ander gedenkteken is buite Bothaville by Nampopark. Hierdie inisiatief is in 1998 deur die Hennenman Boerevereniging van stapel gestuur om 'n gedenkmuur ter nagedagtenis aan die boere en hulle families wat sedert 31 Mei 1961 in plaasaanvalle dood is, op te rig. Die bekende beeldhouer, Phil Minnaar, het die standbeeld ontwerp en dit is tydens die NAMPO Oesdag in 2000 onthul.

Eintlik is dit 'n versameling van nege gedenkmure – vier links en vyf regs – wat die nege provinsies verteenwoordig. Dié mure, wat uit ysterklip gebou is om die verbintenis van die landbouer met die harde werklikheid van die natuur waaraan hul daagliks blootgestel word, te versinnebeeld, het elk 'n swart granietpaneel waarop al die vermoordes se name aangebring word. Met meer as 1 500 name van vermoorde boere en hul geliefdes wat reeds op die muur gegraveer is, is dit duidelik waarom daar na dié muur as Suid-Afrika se "muur van trane" of "die moordmuur" verwys word.

Die middelpunt van die gedenkteken bestaan uit drie regop suile van 14 m, 10 m en 5 m wat aan mekaar ver-

Gedenkmure by Nampopark

bind is om 'n gesin – die pa, ma en kind – wat baie keer saam in 'n plaasaanval vermoor word, voor te stel. Die horisontale verbindings dui op 'n hegte gesinsverband en onderlinge ondersteuning in die landbou.

Die plasing asook houding van die beeld van 'n boer tussen die drie suile, simboliseer dat die boer ten spyte van swaarkry en smart steeds die toekoms positief tegemoetstap. Die Bybel in die een hand en die ander hand omhoog, wat krag en genade vra, dui op die boer se afhanklikheid van die genade van God in sy daaglikse bestaan. Die woorde: "Gee ons krag vir die toekoms", is op die beeld van 'n boer aangebring.

Die ou ZAR se volkslied begin met die hoopvolle woorde:

Kent gij dat volk vol heldenmoed
En toch zo lang geknecht?
Het heeft geofferd goed en bloed
Voor vrijheid en voor recht
Komt burgers! laat de vlaggen wapp'ren
Ons lijden is voorbij;
Roemt in de zege onzer dapp'ren
Dat vrije volk zijn wij!

Het ons voorouers ooit kon dink hoeveel "goed en bloed" nóg in hierdie land geoffer sou word? Elke jaar word nog kruise geplant en nog name op die muur bygevoeg – 'n stille herinnering dat ons lyding nog nie verby is nie. Maar met krag en genade van God, gaan ons steeds die toekoms hoopvol tegemoet.

Vervolg vanaf bl. 7

Ope brief aan die Staatspresident

Meneer die President, dit is met groot kommer in die hart en diepe besorgdheid oor die mense in die land waarmee aan u geskryf word. Wie van die pad van God afwyk, loop onvermydelik die pad van God se oordeel. Dit is op dié pad waarop u regering ons lei. Daarom doen ons op u en u regering 'n dringende beroep:

Moenie net vra dat vir u gebid word nie, maar wys deur u dade dat u God en sy wil, waarvoor u vra daar gebid moet word, erken en dien.

Ter wille van al die mense van die land, bid ons vir die regering en vir u as staatspresident. Ons bid dat u as kneg(te) van God sý eer sal dien; met respek sal optree teenoor elkeen oor wie God u aangestel het deur respek te toon vir God se wet en orde; die werke van die Bose sal teengaan deur in onderworpenheid aan God te regeer. Ons bid dat u só sal regeer dat u ons nie langer op die pad van oordeel sal lei nie. As dit nie gebeur nie, bid ons dat God self vir ons 'n regering sal gee wat met Hom en met sy Woord erns sal maak, sodat ons 'n rustige en stil lewe in alle godsvrug en waardigheid kan lei.

BESOEKERS WELKOM! ... vervolg vanaf bl. 9

AP KERK RIVERSDAL: Alle vakansiegangers en nuwe intrekkers is hartlik welkom by ons eredienste wat elke Sondag om 10:00 in ons AP kerkgebou, Heidestraat, Riversdal gehou word. Stilbaai nog geen tye beskikbaar. **Saakgelastigde en Kassier: Annalize Horn, 072 637 0380 of e-pos: apkriversdal@gmail.com**

AP KERK GANSBAAI: Die AP Kerk Gansbaai (vroeër Onrusrivier) nooi alle besoekers, vakansiegangers en belangstellendes om ons dienste die tweede en die vierde Sondag van die maand op Gansbaai by Birkenhead Bootklub, Gansbaaihawe om 10:00 by te woon.
Kontakpersone: Oudl. Brakel Beukes (sr.), 071 060 6093 of Annatjie Otto, 028 381 9940

AP KERK GROTER DURBAN: Alle besoekers, nuwe intrekkers en vakansiegangers (kom gerus in jul vakansieklere) van Scottburgh tot Stanger word uitgenooi na ons erediens op Sondae om 09:00. Adres: Titrenweg 240, Seaview, Durban. GPS-koördinate: -29,900517, 30,965079. **Navrae: Elsabé Roodt, 082 444 0860**

AP KERK MOSSELBAAI: Alle vakansiegangers hartlik welkom by ons eredienste Sondagoggend om 09:00 in ons kerkgebou te Soetdoringstraat, Heiderand, Mosselbaai. Persone van elders wat in die hospitaal is, kan ons ook kontak. Kerkkantoor: Maandag – Vrydag: 09:00 – 13:00.
Leraar: Ds. Dawie Pretorius, tel.: 082 771 7011 of tel.- en faksnr.: 044 693 4674

AP KERK NAMAKWALAND: Die AP Kerk Namakwaland (Springbok) nooi alle besoekers, nuwe intrekkers, vakansiegangers en belangstellendes om Sondagoggende die erediens om 09:00 by te woon. Die straatadres is Kowie Cloetestraat, Springbok. **Navrae: Oudl. M Dixon, tel.: 027 744 1197 of sel: 082 628 0044**

AP KERK GEORGE: Besoekers en nuwe intrekkers hartlik welkom by die gemeente se eredienste elke Sondagoggend in die kerkgebou op die hoek van St. Pauls- en Johnstraat, Denneoord, George. Eredienste: Die eredienstye verander vanaf 7 April 2019 van 10:30 na 09:30. **Saakgelastigde: Dawie Claassen, tel.: 044 805 7186**

SMELTOOND

• *Maart 2020* •

Die gereformeerde leer in Indië

Op uitnodiging van ds. Rajesh Kumar, sendingpredikant van die Gereformeerde Kerk Rietvallei in Pretoria, het di. Johan Schütte en Schalk Strauss gedurende Januarie 'n besoek aan Indië afgelê. Ds. Kumar, wat tans besig is met kerkplanting in die gebied rondom Vyara in die Indiese provinsie van Gujarat, het hulle genooi om die plaaslike leiers van die kerk in die gereformeerde leer te onderrig.

Daar is heelwat Christene in die gebied, maar die invloed van charismatiese groepe, in besonder die voorspoedsteologie, veroorsaak heelwat verwarring. 'n Verdere uitdaging is die feit dat daar so min gereformeerde stof in die plaaslike tale beskikbaar is. Dit word verder bemoeilik deur die feit dat die meeste lidmate nie Engels magtig is nie. Di. Schütte en Strauss het tydens hulle besoek die Nederlandse Geloofsbelydenis behandel. Ook die vredesraad van God is deur ds. Schütte met 'n groter groep lekepredikers (ook uit die Pinksterkerke), behandel. Hy het ook die voorreg gehad om die Woord tydens 'n biduur-geleentheid te bedien, terwyl ds. Strauss die preek tydens die Sondag-erediens behartig het. Alles is in Engels gedoen terwyl ds. Kumar as tolk opgetree het.

Die dankbare reaksie op hierdie besoek was oorweldigend.
Ds. Kumar het die volgende skrywe van dank gerig (vry vertaal):

Heel eerste en bowe-al wil ons God dank dat Hy in sy grote voorsienigheid hierdie besoek moontlik gemaak het. Dit sluit die feit in dat ds. Strauss sy visum, waarmee hy baie gesukkel het, betyds gekry het. Dit was vir ons wonderlik om julle te ontvang. Baie dankie vir die preke wat julle tydens twee geleenthede gelewer het. Dit was wonderlik om julle te hoor en ons het waarlik gemeenskap in die Here beleef.

Tog wil ons julle veral bedank vir die onderrig in die Nederlandse Geloofsbelydenis. In 'n baie kort tydjie het julle daarin geslaag om 'n groot hoeveelheid stof te dek. Vir almal wat die klasse bygewoon het, was die Nederlandse Geloofsbelydenis onbekend. Geeneen van hulle het al ooit die voorreg gehad om op so 'n diepsinnige wyse met ons belydenis om te gaan nie. Weens die beperkte tyd kon sekere dele slegs oorsigtelik behandel word.

Die terugvoer van diegene wat die klasse bygewoon het, was baie positief. Hulle sê dat hulle geweldig verryk is deur julle onderrig en verduideliking van die belydenis. Hulle het ook die wens uitgespreek dat julle ons iewers in die toekoms weer sal besoek (miskien 'n bietjie langer) en dat selfs meer mense die geleentheid kan kry om hierdie onderrig te ontvang.

Ons mis julle reeds. Ons dogtertjie, Selina, meen dat julle darem regtig net vir 'n kort tydjie hier was! As gesin wil ons julle verseker van ons voorbidding. Ons bid dat die almagtige God met julle en jul gesinne sal wees. Ons bid dat Hy julle van gevaar sal bewaar en dat Hy julle met sy genade en barmhartigheid sal toevou. Mag die Here julle seën.

Rajesh, Mamta, Philemon, Solomon and Selina

Ons het ook 'n paar spesifieke vrae aan ds. Rajesh gevra, waarop hy soos volg geantwoord het:

Vertel ons kortliks hoe u pad na die bediening geloop het.
God het my uit 'n nie-Christelike agtergrond tot gemeenskap met sy Seun, Jesus Christus, geroep. Ek het baie lank reeds besef dat ek tot die bediening geroep is. Aangesien ek nie formeel opgelei was om die Woord van God te bedien nie, het ek gebid dat God 'n deur sal open om sy Woord te bestudeer. Hierdie gebed is beantwoord toe 'n geleentheid in 2001 hom voordoen om in Suid-Afrika te studeer. Ná 'n paar jaar van studie in Suid-Afrika, het ek na Indië teruggekeer waar ek sedertdien onder die Gambit-stam in Suid-Gujarat werksaam is. Ek fokus veral in my bediening op opleiding vir predikante in die gereformeerde leer.

Waarom reken u is dit beter dat plaaslike leiers vir die bediening van die plaaslike gemeenskap

opgelei word? Sal buitelandse sendelinge nie meer suksesvol wees nie?
Dit is maar net so dat plaaslike mense altyd beter vaar wanneer hulle onder hul eie mense werk. Hulle verstaan die konteks beter en kan die boodskap beter toepas. Hulle kulturele agtergrond stel hulle ook in staat om God se Woord meer effektief aan die mense te kommunikeer. Buitelanders kan onder ander mense werk, maar sal nooit so effektief soos plaaslike mense wees nie. Hulle sal eerstens die taal moet aanleer en dan ook hulle gebruike en gewoontes leer ken. Hier in Indië sit ons ook met die verdere uitdaging dat daar teenkanting is teen buitelandse sendelinge wat in Indië werk. In hierdie opsig is die drie beginsel van kerkwees baie belangrik: selfverkondigend, selfonderhoudend en selfregerend.

Hoe afhanklik is u van buitelandse steun? Is die gemeente wat u besig is om te plant in 'n posisie om hulself te versorg?
Op die oomblik is ek volledig op buitelandse steun aangewese. Die gemeente is nog nie in 'n posisie om my te versorg nie – hoofsaaklik weens armoede. Ek sien dit op twee maniere. Eerstens is lidmate nie uit 'n ryk agtergrond afkomstig nie. Die meeste mense kom uit arm gesinne en is nie in staat om by te dra nie. Dit veroorsaak dat die gemeente nie selfonderhoudend is nie. Tweedens kom al die gelowiges ook uit die laagste stand in Indië. Daar is nog nie veel mense uit die hoër klasse tot die Christendom bekeer wat meer wesenlike finansiële bydraes kan lewer nie. Die gemeente is ook baie klein en jonk en nog besig om wortel te skiet. Op die oomblik het ons maar 25 tot 30 lidmate.

Wat is u grootste uitdaging(s) in die bediening? Voel u nie soms geïsoleerd nie? Word daar omgesien na u en u familie se geestelike en pastorale behoeftes?
Weens die swak finansiële posisie van die gemeente, het ons nie 'n kerkgebou waar ons op Sondae erediens kan hou nie. Tans kom ons maar by iemand se huis vir die eredienste bymekaar. Dit kan daartoe bydra dat ons getalle nog nie so groot is nie. Weens die sosiale struktuur in Indië, hou nie almal daarvan om by iemand anders se huis bymekaar te kom nie.

Hierdie sosiale strukture in Indië is my grootste uitdaging. Dit verdeel die Indiese bevolking en maak die verkondiging van die evangelie moeilik. 'n Besonderse uitdaging in Gujarat waar ek werk, is dat mense baie geslote is en nie maklik oopmaak vir mense van ander kulture nie. Hoewel ons al sedert 2010 in die gebied werk, het ons nog nie een gesin ontmoet met wie ons nouer vriendskapsbande kon smee nie. Die gevolg is dat ons baie geïsoleerd voel en 'n groot behoefte na persoonlike en pastorale bediening het. Ons het 'n behoefte om soms met iemand oor die uitdagings te kan praat en raad te vra. In hierdie opsig was di. Johan en Schalk se besoek wonderlik. Ons is voorwaar verkwik deur hulle besoek.

U is tans besig om in te skryf vir u doktorsgraad. U beoogde titel en navorsing lyk baie interessant en aktueel. Waarom het u hierop besluit?
In my navorsing wil ek graag die gereformeerde verstaan van bekering met die Hindoe verstaan daarvan vergelyk. Vir die laaste klompie jare is dit 'n brandpunt in Indië. Ek wil graag die ware betekenis van Christelike bekering teenoor Christene en nie-Christene stel. Baie Christene meen hulle het uit hulself tot bekering gekom en Hindoes dink weer dat iemand anders hulle bekeer het. In beide gevalle is God afwesig. In die lig van die regering se standpunt dat godsdiensvryheid geld solank jy net nie iemand anders bekeer nie, wil ek graag beklemtoon dat dit God is, en nie mense nie, wat sondaars tot bekering bring.

Waarvoor kan mense bid t.o.v. die bediening in Indië?
Bid dat God ons sal beskerm. Persoonlik het ons 'n behoefte aan 'n eie huis waar ons die gereelde Bybelstudies en gebedsbyeenkomste kan hou. Daar sal ons ook genoeg plek hê om gaste wat kom onderrig gee, te akkommodeer. Ons het reeds 'n stukkie grond bekom, maar benodig finansiering om 'n huis daarop te laat bou.

Bid ook vir die uitbreiding van die bediening sodat baie meer studente die Bybelstudies sal bywoon en die werk van die Gereformeerde Kerk kan vergroot. Ons soek ook na befondsing vir twee leraars sodat hulle twee nuwe gemeentes in die gebied kan plant. Die bedrag beloop ongeveer R3 000 – R4 000 per maand.

Di. Schütte en Strauss saam met die kursusgangers

’n Oosgrens-skets: Oorsaak en gevolg

Dr. Christo Pretorius

***En daar het ’n rivier uit Eden uitgegaan om die tuin nat te maak; en daarvandaan is dit verdeel en het vier lope geword* (Gén. 2:10).**

Volke, groepe mense of gemeenskappe is voortdurend besig om met dit wat voorsien is, skeppend met die wêreld om te gaan. Wat geskep word, gaan hand-aan-hand met identiteit, lewensbeskouing en tradisies en dit geskied nie sonder die bronne wat tot beskikking van volke en groepe is nie. Grond, materiële bronne en die benutting daarvan, dra by tot die definisie van die volkswese en die self en noodwendig ook die onderskeid tussen groepe en grense.

Dit was die behoefte aan ’n lewenstog of aan hulpbronne wat daartoe gelei het dat die Nederlandse volk gedurende die vyftiende en sestiende eeu met behulp van seevaartkunde en kennis van navigasie die oseane deurkruis en handelsroetes gevestig het.

Handelsliggame, handelsposte en langafstand handelsroetes tussen kolonies het nie uit die lug geval nie. Geografiese en sosio-maatskaplike faktore dra by tot die gang en vloei van die geskiedenis. Vlote van Islamitiese magte het handel in die Middellandse See vir bykans twee eeue aan bande gelê en handels- en ekonomiese vooruitsigte doodgewurg. Dit is opmerklik dat daar maar net ’n paar riviere tussen die Islamitiese magte en Europa was. So laat as 1683 was die Saraseners (Islamiete) op die voorstoep van Wenen en dit sou eeue neem om die Islam-mag uit Europa te dryf.

Hoë tolgeld, belastings en militêre bedreiging het daartoe gelei dat die Europese volke, Nederland in die besonder, die Islamitiese vyande omseil en ander handelsroetes gevestig het. Die handelspos wat Jan van Riebeeck in April in 1652 aan die Kaap stig en die ontwikkeling wat daarop volg, was ook ’n gevolg hiervan.

Die besluit van die Here XVII (direksie van die VOC) in 1657 om nege van sy amptenare aan die Kaap toe te laat om as vry burgers die grond te bewerk, sou tot die uitbreiding van ekonomiese en handelsbelange lei en teen 1731 was daar sowat 435 plase aan burgers toegestaan. Die burgers naaste aan die binneland het verder die binneland ingetrek na die Visrivier en in aanraking met ander migrerende bevolkings gekom.

Die behoefte aan handelsprodukte het die behoefte aan vrugbare en bewerkbare grond aangevuur, maar die beperkinge wat die Nederlandse en later die Britse owerhede op die uitbreiding van grondgebied geplaas het, het nie rekening gehou met die werklikhede van die burgers en die toenemende verweefde ekonomie nie.

Soos in Europa ’n eeu of wat vantevore, het die Suid-Afrikaanse landskap en natuurlike hulpbronne tot migrasies en die vorming van ruimtes bygedra. Eie aan die landskap van die Oos-Kaap, het die omgewing en natuur nie net koers gegee aan die beweging van mense nie, maar ook bygedra tot definiëring van die self en die gemeenskap. Daar waar mense byeen is, waar gedeelde praktyke en ’n gedeelde lewensbeskouing is, word identiteit gerealiseer. Dit is nie die enigste voedingsbronne vir identiteit nie – rituele praktyke, mag- en gesagstrukture, gewoontes, bloedverwantskappe, land, grond en godsdiens dra by tot die skep van identiteit.

Water en weiding het in die besonder tot die ritme en die struktuur van gemeenskappe se lewe bygedra. Hierdie gebied was bekend vir sy droogtes. Die ongereelde reënval het water ’n kosbare bron gemaak. Die gebrek aan standhoudende water het veral ’n impak

gehad op die migrasie- en verblyf-patrone van die onderskeie Afrika-stamme, waaronder die Griekwas, die Xhosas en die Fingo's. Nedersettings is veral in vrugbare en waterryke valleie gevestig.

Die ekonomiese voordele het die bou van die struktuur ten opsigte van landbou gebied. Die Skotse sendeling, James Laing, maak in sy joernaal melding van bygelowe wat onder die Xhosa geheers het. Die klag van toordery is dikwels gebruik om mede-stamlede van hulle eiendom, veral beeskuddes, te vervreem of om wraak te neem.

In 'n brief van 6 Junie 1831, beskryf Laing van die kulturele gebruike onder die Xhosa, onder meer die verering van die voorvadergeeste en inisiasierites. Ten spyte van die sendelinge se diens, het bygeloof 'n stewige greep op die swart stamme gehad en met skok en afgryse berig Laing in 1831: *There are many, every year, burned for witchcraft* ... Dit was 'n moeitevolle stryd vir sendelinge om die evangelie onder die stamme te vestig.

Hierteenoor het die grensboere en hulle families op die *Staten Bijbel* met kantaantekeninge gesteun, asook preekbundels van Bernardus Smijtegeld, Wilhelmus Schortinghuis, Jodocus van Lodenstein en die Switserse Kerkhervormer, Heinrich Bullinger. Veral die dogmatiek-handboek van Wilhelmus à Brakel het die Calvinistiese denke gevoed wat teokraties getemper was en Godsbeskikking voorop gestel het.

Behalwe die geografiese faktore en die verskil tussen bygeloof en godsdiens, was 'n ander element wat aan die gebied vorm gegee het, die migrasies en onderlinge verhoudings tussen die onderskeie Xhosa-stamme, die Griekwas en pionierboere op die oosgrens.

Vroeër het die strooptogte van die Zoeloes aanleiding tot volksverhuising gegee en nie sonder rede nie het "'Mfecane' beteken 'ons strompel rond op soek na huis en kos'". Die verhoudings tussen die Xhosastamme was kompleks en by gebrek aan 'n sterk gevestigde magsetel, het beheer oor ondergeskikte stamme nie verhoed dat strooptogte op ander, soos die Tembu of die Grensboere, uitgevoer word nie. Onderlinge verdeeldheid het tot verhoogde onderlinge spanning tussen stamme gelei.

In hierdie onderlinge stryd tussen die stamme het swakker stamme hulle by die Grensboer geskaar. Eweneens nie sonder rede nie dui die Khoisan-woord Xhosa op "kwaai man" of "die een wat vernietig". Gevalle van volksmoord deur Xhosastamme op die Khoisan en ander stamme, was nie onbekend nie.

Die botsing tussen die Xhosa-stamme en die Grensboere het egter met reëlmaat plaasgevind en dit blyk dat die Britse owerheid, veral onder invloed van sendinggenootskappe, nie sy plig teenoor die Grensboere nagekom het nie. Uit 'n *Herderlijke Brief* van 1837 en volgens die 1824 Algemeen Reglement, artikel 7, was dit duidelik dat nie enige hulp van die Kaapse kerk verwag kon word nie.

Vir die Kaapse kerk was dit belangrik om die bevolking aan die Britse owerheid onderdanig te hou en vir die Xhosa-stamhoofde om strukture van mag en gesag deur rituele en tradisies te vestig. Hierteenoor was God se Woord vir die Calvinisties-getemperde Grensboer die finale gesag en eie aan die Reformatoriese erfenis is verset teen onderdrukking en ongeldige owerhede die aangewese weg.

Die Oosgrens was gekenmerk deur teenstrydigheid en 'n gefragmenteerdheid van identiteite wat histories deur oorloë en migrasies getemper is; deur die plek wat groepe omskep het aan die hand van die eie en unieke lewensbeskoulike.

Die ontkenning van hierdie gefragmenteerde en kompleks-verweefde situasie word duidelik in die formulering van die Britse beleid deur die *Colonial Office* in Londen. Enersyds het die Britse beleid nie rekening gehou met die kultuur en behoefte van die swart stamme wat steeds 'n eie juridiese struktuur en morele kode gehandhaaf het nie en die Grensboere wat eweneens as unieke entiteit 'n bestaan wou maak nie.

Die invloed van die sendeling-filantroop op die Britse koloniale beleid, veral onder leiding van dr. John Phillip, het 'n beslissende invloed gehad en tereg dui prof. CFJ Muller[1] aan dat dr. Phillip, die grondlegger van die liberalisme in Suid-Afrika, wou "... rasseverhoudinge in Suid-Afrika in 'n omvattende denksisteem probeer stel". Handelsvoordele, grensverligting en die kultivering van die swartmense onder Britse gesag, was van die uitkomste. Onder sy leiding is voorts gepropageer vir

die afskaffing van die kommandostelsel, 'n besluit wat die weerbaarheid van die Oosgrens-boere verder sou ondermyn.

Soos in ons dag, was stryd dus die kenmerkende van die omstandighede op die Oosgrens – stryd tussen die verskillende etniese gemeenskappe, pionier en sendeling, koopman en boer, Hollandsprekendes en Engelssprekendes, sendinggenootskappe en koerantmanne en die Britse owerheid en 'n teokratiese-gerigte bevolking. Dit is 'n stryd waarvan die oorsaak veel dieper strek.

In Génesis word gelowiges daaraan herinner dat die skepping, die tuin en wat daarmee verband hou, aan God behoort. Deur sy guns en genade geniet die mens oorvloed. Hierop dui die weldadigheid van die rivier wat in Eden ontspring en in vier verdeel. Vir 'n boer beteken die oorvloed aan water in 'n dor en barre gebied, seën en dit herinner ons dat dit God is wat die wêreld verkwik en versorg.

Aan die mens word die opdrag gegee om met dit voorhande te werk, om dit te bewaak, om te boer. God bly egter die Opdraggewer en Hy roep die mens tot verantwoording. Dít definieer die mens as rentmeester, as administrateur in God se diens. God skep dus ruimte en skenk vorm daaraan.

Hiermee is die mens nie tevrede nie. Die mens eien hom toe wat hom nie toekom nie en wanneer die mens sy spiese en vuurwapens op die hemel, op God rig, is dit rampspoedig. Dorings en distels, vervreemding en broedertwis is nou deel van die lewe totdat God dit herskep.

Deur Jesus Christus begin die herskepping en voor sy aangesig bewerk en bewaar die mens die ruimtes wat God skenk: ruimtes in en om die gelowige wat gevoed word met die lewende water – die geloof in Christus wat alle oorsake omspan en gevolge heilig.

1 Die Oorsprong van die Groot Trek (Unisa, 1987).

Toekenning van Pretoria FM aan ds. Nico Rautenbach

Ds. Nico Rautenbach het onlangs by 'n spesiale deftige geleentheid 'n Platimum toekenning van Pretoria FM ontvang waarmee: "erkenning aan hom verleen is vir uitsonderlike diens gelewer aan Pretoria FM se godsdienskomitee, deurdat hy deur jarelange aktiewe betrokkenheid en ondersteuning 'n wesenlike rol vervul het in die stryd om Pretoria FM tot stand te bring, te laat groei en van krag tot krag te laat gaan."

Willie Spies, voorsitter van die direksie van Pretoria FM, het die toekenning aan ds. Nico oorhandig.

Ds. Nico het vanaf die ontstaan van Pretoria FM – toe nog Radio Pretoria – op die godsdienskomitee gedien. Benewens sy optredes oor die radio met eredienste, oggendgodsdienste en die program "Sabbatstonde", het hy vir al die jare die organisasie van die AP Kerk se beurt vir godsdiensuitsendings vir een week elke maand, georganiseer. Dit het behels die oggend- en aanderediens van die betrokke Sondag en vir elke dag van daardie spesifieke week die oggendgodsdiens, die oggendopening en aandsluiting en vroeër jare ook die huisgodsdiens. Die predikant was dan verantwoordelik vir die erediens en oggendgodsdiens en vir die ander uitsendings kon gemeentelede ingespan word. Ds. Nico moes voorkeur gee aan predikante in en om Pretoria, aangesien die radio nie die reiskoste verbonde aan lang afstande kon bekostig nie, weens 'n tekort aan finansies. Omdat daar eintlik min gemeentes in hierdie area is en alle predikante ook nie altyd gewillig was om die beurt waar te neem nie, was dit nogal nie 'n maklike taak nie. Soms moes hy maar self inspring as hy nie iemand daarvoor kon kry nie of as een van die predikante op die laaste nippertjie nie meer die uitsending kon waarneem nie. Veral vir preke oor die Heidelbergse Kategismes wat vir bepaalde Sondagaande gereël moes word, was dit nie altyd moontlik om iemand te kry nie en moes hy dit dikwels maar self doen.

Hoe sê ’n mens dankie?

Leon Swanepoel (AP Kerk Carnarvon) skryf:

Hoe se ’n mens dankie? Eerstens teenoor jou Skepper; tweedens teenoor die SKK en derdens aan die AP kerke Clocolan, Brandfort, Stilbaai en Riversdal en al die ander persone wat uit die diepte van die hart ’n bydrae gemaak het aan ons Karooboere in die droë Noord-Kaap.

Ek kan u verseker dat die Here ’n blymoedige gewer liefhet. Woorde kan ons dank nie opreg genoeg oordra en uitspreek nie!

Omdat baie mense die Karoo nie werklik ken nie, sal ek probeer om ’n beeld te skets van die gebeure die afgelope tyd. Die meeste reën wat ek laas gehad het, naamlik 20 mm, was April 2018, daarna soms 1 mm dan maande later 3 mm en dan weer weke later, soos ons dit noem, net “stofnat”.

Met ander woorde, dit is elke keer te min om die bossies te laat groei. Nou sit ons ook met die probleme van die ekonomie, die regering help nie en die politiek het alles deurmekaar gekrap!

Binne die bestek van 7-8 maande het veevoerpryse gestyg met 16%, vleispryse het gedaal met 29.3% en die wolprys daal met 4,7%. Hierdie drie maak presies 50% en dit is nie al nie. Brandstofpryse styg, arbeid word duurder en dan kry die boer ná die val van vleispryse nog tot voor einde 2019 vier jaar gelede se pryse.

Uit die aard van my werk (windpompe, boorgate en waterprobleme) en dat ek ook ’n boer is, het ek die afgelope 45 jaar noue kontak met die boeregemeenskap. Dit is hartseer om die nuus vanaf jou kliënt te verneem: in daardie kamp lê al 70 springbokke dood. “Ou Leon, ek het ’n paar jaar gelede 300 springbokke gehad, maar ek het vanoggend nog net 8 oor!”

Dit is skokkend om te hoor dat twee broers al 300 skape verloor het, al word hulle gevoer, ensovoorts.

Ek probeer nie om ’n negatiewe beeld te skep nie, maar gee maar net ’n paar van die realiteite deur.

Hierdie realiteite maak dat sommige boere hul polisse gekanselleer het, mediesefondspremies gestaak het, arbeiders afgedank of verminder het as gevolg van ’n kontantvloeiprobleem. Nadat sommige boere hul vee nou al vir bykans 6 jaar lank voer, het die regering R30 miljoen bewillig om te help, maar ons weet nie of dit sal gebeur nie! Uit die perd se bek het ek gehoor dat hierdie bedrag R600 miljoen moes gewees het.

Wanneer die werklike grootte van die Noord-Kaap in ag geneem word, wonder ek wie gaan iets kry van die R30 miljoen en wie gaan staan en kyk. Dit sal so min wees dat dit niks sal help nie! (Ek is regtig nie ondankbaar nie!) By groter boerderye styg voerkoste al tot R40 000 per week. Of jy dan ’n groot boer of klein boer is, niemand kan so voortgaan nie.

Maar dit is ons boere se lewe, ons liefde, ons trots en ons aanleg om te boer en ons glo elke dag dat dit môre of die dag daarna sal reën. Dit gebeur egter nie altyd so nie ...

Dit is sulke tye dat ek my verstom om te sien wat ’n boer se geloof werklik is. Om dan terug te kom en weer te vra?

“Hoe sê ’n mens dankie” as jy weet dat baie mense nie gegee het uit hul oorvloed nie, maar ook uit hul swaarkry en uit die diepte van hul hart. Hulle weet ook hoe dit voel om met die rug teen die muur te staan ...

Ek wil dan vir elkeen graag Spreuke 19:17 aanhaal en u sodoende die seën van ons liewe Heer toebid:

> *Wie hom ontferm oor die arme, leen aan die HERE; en Hy sal hom sy weldade vergelde.*

Mag die liewe Heer ook gee dat ons ook eendag weer die voorreg mag smaak om te kan antwoord op al hierdie groot liefde en pragtige Christenskap wat elkeen teenoor ons bewys het deur hierdie krisistyd heen.

Nogmaals baie, baie dankie.

Die noodsaak van beveiliging en paraatheid

Genl. maj. (aft.) Chris van Zyl[1]

Nuusdekking (veral in die elektroniese media) van geweldsmisdade lok al hoe meer kommentaar van lesers uit. "Wanneer gaan die boere leer?" klink soos 'n ongemaklike refrein. Die beskikbare gegewens dui immers daarop dat die 2019-moordsyfer op plase en landbouhoewes hoër as die vorige jaar is. Dit is dus maklik om uit die heup te skiet en vinger te wys na slagoffers wat "nie paraat" is nie en dinge soos "wanneer gaan die boere leer?" kwyt te raak.

Die realiteit is is dat die meeste landbouers en hul gesinne in relatiewe afsondering, ver verwyder van bure en groter sentra waar polisie- en sekuriteitsdienste meer geredelik beskikbaar is, woon en werk. Hierdie unieke situasie dikteer bepaalde voorbereidings vir bepaalde omstandighede. In 'n neutedop behoort dit enersyds daarop gerig te wees om die vroegste moontlike waarskuwing van potensiële bedreigings te gee en andersins om vir noodweersituasies voorbereid te wees en korrek en effektief te reageer.

Geweldsmisdade op plase en landbouhoewes is sedert die laat negentigs reeds as 'n nasionale prioriteitsmisdaad verklaar. As 'n gevolg hiervan is daar 'n SAPD Landelike Veiligheidstrategie wat periodiek opgedateer en aangepas word – die mees onlangse opdatering is gedurende Oktober 2019 aangekondig en bekendgestel. Ofskoon hierdie groepering misdade vir meer as twee dekades "nasionale prioriteitstatus" binne die SAPD geniet, is dit egter nie vanselfsprekend dat dit as sodanig op alle vlakke van polisiëring toegepas word nie. In die platteland is personeel- en logistieke tekorte dikwels beperkings (om nie van die geografiese isolasie van plaasbewoners te praat nie). Daarbenewens is die misdaadbedreiging op plase ook dikwels nie die enigste prioriteit wat aandag vereis nie – kontant-in-transito-roof, renosterstropings, polities-geïnspireerde moorde en vele ander, plaas 'n besondere werkslas op die beskikbare, dog beperkte bronne.

Die voorafgaande impliseer dat landbouers en diegene wat saam met hulle op plase en hoewes in relatiewe afsondering woon en werk, ook verantwoordelikheid vir eie veiligheid moet aanvaar. In hierdie verband is dit 'n voorvereiste dat sekere unieke kwesbaarhede aanvaar moet word:

» Die belangrikste is seker om nie gesus te word deur 'n ongegronde aanvaarding van "dit kan nie met my gebeur nie". Ongelukkig bevestig die verlede dat te veel niksvermoedende mense slagoffers geword het wanneer hulle deur gewapende aggressors wat reeds binne die slaapvertrek is, wakker gemaak word.

» Die slinksheid waarmee aggressors optree, moet nie onderskat word nie. Die potensiële slagoffers se goedgelowigheid en nuuskierigheid maak dit moontlik om sulke persone met 'n groot verskeidenheid slenters uit die relatiewe beskerming van die woonhuis of voertuig te lok. 'n Brand wat doelbewus buite gestig word, 'n baba wat buite die slaapkamervenster huil, mense wat op snaakse tye opdaag om skape of hoenders te koop, die plaashek wat met 'n stuk bloudraad of tou vasgemaak is en talle soortgelyke praktyke behoort eerder 'n alarm te maak as wat dit as 'n lastigheid beskou word.

» Die noodsaaklikheid van vroeë waarskuwing bly 'n kritiese hoeksteen van weerbaarheid – selfs 30 sekondes om 'n hand op 'n vuurwapen wat binne bereik is, te lê, kan die verskil tussen lewe en dood (of ernstige liggaamlike of psigiese letsel) maak. Vroeë waarskuwing kan verseker word deur:

- Gemaklike en vinnige toegang tot 'n vuurwapen (indien die bewoner daaroor beskik en dit dienooreenkomstig gelisensieer is).

- Effektiewe diefwering en veiligheidshekke aan buitedeure (en selfs ook binne die huis) wat indringing vertraag.
- Alarmstelsels buite, sowel as binne die huis.
- 'n Bewustheid van die ongewone in die woon- en werkomgewings – vreemde voetspore, sigaretstompies, geknipte drade, rapportering deur werknemers, vriende of bure.
- Die skep van 'n omgewing wat dit vir die aggressor moeilik sal maak om sy teiken te verras: behoorlike heinings en hekke, oop spasies in die tuin rondom die woonhuis waaragter daar nie wegkruipplek vir boosdoeners is nie en wat hulle sou toelaat om naby deure en vensters te kom, diefwerings en veiligheidshekke voor vensters.
- Effektiewe beligting wat verhoed dat misdadigers die huis of werksplek ongesiens kan nader sonder om die bewoners se sig te beperk of hul teenwoordigheid te verraai.

» Betroubare kommunikasiekanale en -middele met persone of instansies (SAPD, buurt- of plaaswagte, privaat sekuriteit en selfs bure) is 'n belangrike vereiste. Dikwels word vergeet dat bure in die meeste gevalle die naaste bron van hulp en ondersteuning is, sou 'n noodgeval (hetsy misdaad, siekte of ongeluk) ontwikkel. In die praktyk het ons afhanklik geword van die gemak van 'n selfoon, maar veral snags is té veel selfone op die laaiers iewers elders in die huis en gevolglik is dit nie altyd gepas as noodkommunikasie nie. In die landelike gebiede is radioverbinding die voorkeur, aangesien 'n noodroep onmiddellik aan etlike geadresseerdes oorgedra kan word.

» 'n Noodplan vir die huisbewoners asook ander werksmense op die eiendom, is 'n noodsaaklikheid. Wanneer daar voldoende rede is om te reageer op verwikkelinge, moet almal weet wat om te doen. In hierdie verband is 'n veilige kamer of fasiliteit wat vir die doel ingerig is met vuurwapens, ammunisie, noodhulp, water, brandblussers en kommunikasie, noodsaaklik.

» Die gebiedsplan behels bure en ander bronne wat geaktiveer kan word sodra daar rede is om te vermoed dat gevaar dreig en dat bystand en toepaslike reaksie nodig is. In sulke gevalle moet betrokkenes deeglik bewus wees van spesifieke take soos voorstaandienste by padaansluitings, hulp en bystand aan diegene wat in nood verkeer, die moontlike afsny van ontsnaproetes wat aanvallers mag gebruik en die omsien na weerlose persone soos bejaardes en kinders. As daar 'n aanduiding is dat daar meer as een aanvaller mag wees en hulle is boonop gewapen, is dit verkieslik dat die reaksiespan wat na die brandpunt sal reageer, dienooreenkomstig toegerus en opgelei sal wees.

» Die toneel, met insluiting van moontlike forensiese- en ander bewysstukke, moet na behore beskerm en bewaar word. Waar 'n misdaad plaasgevind het en waar 'n formele polisie-ondersoek die gevolg sal wees, is dit veral belangrik.

» Een van die groot leemtes is bruikbare vaardighede om beserings en wonde te hanteer. Toegang tot 'n goed-toegeruste noodhulptas en die korrekte noodhulp wat toegepas word, kan lewens red en trauma beperk. Benewens noodhulp, is dit eweneens noodsaaklik dat toepaslike trauma-ontlonting en -berading beskikbaar sal wees.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat huidige omstandighede toenemend vereis dat sekerheidsmaatreëls, vaardigheidsontwikkeling, doelmatige opleiding en die gevolglike gedragsaanpassing, tyd en geld sal verg. Vuurwapenvaardigheid is nie iets wat na drie skote met 'n pistool na 'n koeldrankblikkie verseker kan word nie en noodsituasies vind ook nie binne 'n "skietbaanscenario" plaas nie. In die praktyk is die lig swak, die skiethouding ongemaklik, bewegingsruimte is beperk en bo alles veroorsaak die adrenalien wat pomp 'n situasie wat vir die meeste mense vreemd is. Dit word ook dikwels vergeet dat meisies en dames teikens kan wees en dat toepaslike bemagtiging ook vir hulle gereël moet word. Die effektiewe gebruik van items wat binne bereik is of selfs 'n kompakte selfverdedigingsmessie wat met min moeite aan die persoon gedra kan word, kan in 'n noodweersituasie die verskil tussen lewe en dood beteken. Ook daardie vaardigheid moet egter geslyp en in stand gehou word.

In meer as een geval is daar getuienis van potensiële slagoffers wat die bedreiging oorwin het deur 'n onwrikbare geloof in hul Skepper. Ons lewens is immers in sy hande.

1 Adjunkhoofbestuurder TLU SA

BYBELWOORDBLOK : HULPBETONING

Moedeloses moet nie wanhoop nie. Die Here leef; Hy is die Vriend van die vriendlose – Spurgeon

'n Groot gees skaar hom altyd aan die swakke se kant, maar groot geeste kom nie dikwels oor ons paaie nie – Spurgeon

As ons godsdiens ons nie in tye van beproewing dra nie, wat beteken dit dan? – Spurgeon

LEIDRADE

Dwars

2. Voedselbron (Ps. 146:7).
5. Peulgewas (2 Sam.17:28).
6. Koning van Israel (2 Sam. 17:24).
8. Energiebron (Ps. 121:6).
9. Graangewas (2 Sam. 17:28).
10. Gemaalde graan (2 Sam. 17:28).
11. Seun van Ámmiël (2 Sam. 17:27).
13. Amása se pa (2 Sam. 17:25).
16. Beskut teen sonlig (Ps. 121:5).
18. Gesamentlike hoeveelheid (Ps. 146:6).
19. Moeilikheid (Ps. 121:7).
21. Gedurende die dag (Ps. 121:6).
23. Setel van gevoel (Ps. 121:7).
27. Dawid se vriend (2 Sam. 17:27).
31. Byplaneet van die aarde (Ps. 121:6).
32. Gaarmaak oor kole (2 Sam. 17:28).
33. Gekrom (Ps. 146:8).
35. Skape en bokke (2 Sam 17:29).
38. Dawid se manne (2 Sam. 17:29).
39. Gaan weer vanwaar jy kom (Ps. 146:4).
40. Absalom se vriende (2 Sam. 17:24).
41. Sonskade (Ps.121:6).
42. Struikel (Ps. 121:3).

Af:

1. Begeerte om te eet (2 Sam. 17:29).
3. Stad in Gílead (2 Sam. 17:27).
4. Suurmelk (2 Sam. 17:29).
5. Groot rotsagtige heuwels (Ps. 121:1).
6. Behoefte aan drinkgoed (2 Sam. 17:29).
7. Kortstondige, ligte slaap (Ps.121:4).
12. Bergagtige landstreek (2 Sam. 17:26).
14. Hoof van die leër (2 Sam. 17:25).
15. Aartsvader (Ps. 146:5).
16. Voedselhouers (2 Sam. 17:28).
17. Abígail se pa (2 Sam. 17:25).
20. Voedsel vir bylarwes (2 Sam 17:29).
22. Seun van Nahas (2 Sam. 17:27).
24. Plant van ertjiefamilie (2 Sam. 17:28).
25. 'n Stad naby Kirjat-Jeárim (2 Sam. 17:27).
26. Jou doen en late (Ps. 121:8).
28. Bolvormige planeet (Ps. 121:2).
29. Rusperiode (Ps. 121:4).
30. Ariede, dor gebied (2 Sam. 17:29).
34. Dit wankel nooit (Ps. 121:3).
35. Produk van suurmelk (2 Sam. 17:29).
36. Inname van voedsel (2 Sam. 17:29).
37. Ruimte wat aarde omsluit (Ps. 121:2).

So het die Here van die leërskare gespreek en gesê: Spreek 'n eerlike vonnis uit en bewys liefde en barmhartigheid die een aan die ander. - Sag. 7:9

Opsteller: Daleen Pienaar

CAROLINA

Basaar

Die AP Kerk Carolina het op 1 Mei 2019 basaar gehou. Ernst van den Berg het die basaar geopen met Skriflesing en gebed. Chris Kleyn het almal welkom geheet. Die gemeente het 'n fietstrapkompetisie ("spinning") gehou. Daar was ook 'n toebroodjiekompetisie wat met groot entoesiasme deur die verbondsonderrigkinders ondersteun is. Nic Erasmus was die trotse wenner van die kompetisie. Dit was weereens 'n suksesvolle basaar. Baie dankie aan elkeen wat dit so 'n mooi dag gemaak het. Al die eer aan ons hemelse Vader.

Klein Elodie Fischer met haar doop

In Memoriam

Ons gemeente moes hierdie jaar van twee van ons geliefde lidmate afskeid neem: Oom Paul van Niekerk wat op 25 Junie 2019 oorlede is ná jare as kerksraadlid en wat ons voorsang vir baie jare gelei het en tannie Bessie Bosman wat op 18 Julie 2019 oorlede is. Sy was 'n toegewyde verpleegster in ons dorp se provinsiale hospitaal en 'n dierbare tante vir talle van ons. Hulle was stigterslede van die gemeente en ons gaan hulle baie gemis.

Tannie Bessie Bosman, Tannie Hannetjie Lombard en ds. Hendrik du Plessis

Doop

Op 4 Augustus 2019 is Elodie Fischer gedoop.
Baie geluk aan haar ouers, Karel en Louise Fischer, asook die grootouers, met haar doop. Mag sy vir hulle tot groot seën wees.

Nagmaaltafeldoek

Ons gemeente sê weereens vir Amanda Botha baie dankie vir 'n ongelooflike mooi tafeldoek wat sy vir ons nagmaaltafel gehekel het. Ons is baie trots op die meesterstuk.

Amanda Botha saam met die tafeldoek wat sy gehekel het

100ste verjaarsdag

Tannie Anna Erasmus het op 8 Mei 2019 haar 100ste verjaarsdag gevier. Baie dankie aan almal wat daarby betrokke was en weereens baie dankie vir "Ons Eie Ouetehuis" wat vir haar soveel moeite gedoen het. Dit word opreg waardeer.

Belydenis van geloof

Op 20 Oktober 2019 het die gemeente die voorreg gehad om getuie te wees toe Hermie Klopper belydenis van geloof afgelê het. Baie geluk Hermie, mag jy altyd die goeie dinge in die lewe nastreef.

Ds. Hendrik du Plessis, oom Adrie van Niekerk, Hermie Klopper, en haar ouers

Alet van den Berg

AP KERKDASSE

Wit Kerkraadsdasse @ R100
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

VIR BESTELLINGS
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709

e-pos pietersburg@apkerk.co.za

Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00

Oornagverblyf Kroonstad

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

BLOEMFONTEIN OORNAG-WOONSTEL

• Ruim luukse oornag-woonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

DOONSIDE (2 km van Toti)

Shangrila: Seefront, 2 + 3 slaapkamers; sommige DSTV. Onderdak parkering. Braaiplek, winkel, wassery. Superwaarde.

082 821 2601 / 012 943 4102
www.shangrilaholidayflats.co.za

WOW!! Vakansiewoonstel te huur!!

Luukse selfsorg, ruim, vakansiewoonstel **(Doonside naby Winkelspruit)** teen strand (70 m). Pragtige see-uitsig. 3 Slaapkamers, 2¼ badkamers, veilige sekuriteitsbeheerde parkering onder die gebou. Naby groot winkelsentrums. Billike tariewe, ook buite seisoen.

Kontak: Petro 082 412 0999 / 082 550 3385

TEN VOLLE GEMEUBILEERDE VAKANSIEHUIS TE HUUR: HARTENBOS

4 Slaapkamer. +/- 500m Vanaf hoofstrand.
+/- 300m Vanaf winkels en stalletjies.
Baie naby aan die amfi-teater.

Skakel Liezel Niemann
vir meer besonderhede: 072 597 0543

Hartenbos Woonstel

Puik selfsorg woonstel. Stap na strand
Skottel TV. Onderdak braai op patio
Slaap 1-6. Baie gewild. Beste tarief heel jaar

Kontak: 044 695 0219 / 082 641 4092

Selfsorg akkommodasie met:

MAJUBA 1881

Saal, herberg, kothuise en kamp staanplekke.

NUUT: 4x4 baan, bergfiets/wandelroetes.

Ideaal geleë op die N11, 3 ure vanaf Pretoria.

Skakel Theuns Snyman by 079 274 7978

NATAL SUIDKUS

Luukse 2 slaapkamer woonstel
Pragtige see-uitsig
Billike tariewe

Skakel 082 338 8253

OORNAG TE BLOEMFONTEIN

Selfsorg oornagkamers elk met:
minikombuis en -badkamer, lugreëling, TV, braai- en vriesgeriewe, veilige onderdak parkering

Slaap 1-4 en 1-5. Naby N1

Skakel Piet of Belie by 051 433 2635 of 072 342 7530

Vakansie-geleentheid vir predikante

Die AP Kerk Suidkus bied die volgende:

- Gratis verblyf vir 10 dae per gesin (reiskoste heen en weer uitgesluit).
- Skoolvakansie 50% van verblyfkoste.
- Pligte: Preke op Sondae en feesdae wat in daardie tyd val.
- Indien nodig, hospitaalbesoek of ernstige siekte tuis. Begrafnis (addisionele vergoeding).
- Reistoelae: Slegs vir ritte binne die gemeente vir bogenoemde besoeke.

Skriba: Kobie Jacobs 082 896 3236/039 313 5181



BRAKRIVIER

'n Ware omgee-projek

Dit het klein begin. Die Sustersaksie was bymekaar en een suster het gevra dat ons meer vir mekaar moet omgee en dit ook wys. Al is dit deur net te groet of om te glimlag. As voorbeeld noem sy toe dat hulle elke jaar met Kersfees 'n enkellopende man in ons gemeente na hul Kerstafel toe nooi. Nie net beteken dit baie vir hierdie man nie, maar ook vir húlle.

Hierdie gedagte moes wortelgeskiet het, want die volgende week kom daar 'n uitnodiging aan alle enkellopendes en egpare wie se kinders te ver woon om Kersdag saam met hul ouers deur te bring, om 'n Kersete saam met mekáár te geniet. Ons was toe al baie naby die Christusfees en die meeste lidmate het hul reëlings klaar getref. Tog was daar 10 mense om hierdie tafel. Om almal 'n klomp werk te spaar, het die drie lidmate wat dit georganiseer het (hulle wil anoniem bly), 'n tafel by 'n restaurant bespreek – en húlle het ook betaal.

Dit was 'n heuglike viering van omgee vir mekaar en lekker eet. Daar is lanklaas só lekker om 'n tafel gekuier! Hierdie jaar wil ons net vroeër begin organiseer. Met al die ouerpare wie se kinders geëmigreer het en die groot getal weduwees en wewenaars in ons gemeentes, blyk die behoefte nogal groot te wees. Ons opregte dank aan die inisieerders van hierdie ware omgee-projek.

Belydenis van geloof en vyf nuwe lidmate

Demi-Maree Wallis saam met haar ouers, twee broers en vriend Burgert asook prof. Roelof Marè.

Ons het aan die einde van 2019 die groot voorreg gehad om getuies te wees van Demi-Maree Wallis se geloofsbelydenis. Sy is die vriendin van een van ons lidmate, Burgert Carstens en hy het 'n groot rol gespeel in haar toetrede tot die kerk.

Op dieselfde dag het ons gemeente ook vyf nuwe lidmate van ander gemeentes as lidmate van ons gemeente verwelkom. Dit bring die getal nuwe lidmate in 2019 op 12 te staan. Ons dank God vir hierdie besondere groei in ons gemeente en ons hoop om hierop voort te bou.

Jan en Wilma Murray, Prof. Roelof Marè, Rentia en Jan Nel en Engela Zaayman

Ingestuur

Gariepdam

Bekostigbare oornagverblyf, goed geleë in die middel van SA, tussen Gauteng, Kaap, Natal, PE en OL. Verskeidenheid opsies beskikbaar, vanaf enkelpersone tot groot gesinne, asook groepe. Veilige parkering in 'n rustige omgewing.

Kontak Debbie: 082 326 5714

Natal Suidkus – Southport

Lekker, gerieflike selfsorg tuinwoonstelle te huur vir vakansie. Ten volle toegerus. Loopafstand van die see, braaigeriewe, see uitsig, DSTV ens.

Kom ontspan in n rustige stil omgewing!

Kontak Hendrie: 072 932 1070

SUIDKUS MARGATE

Loopafstand van hoofstrand.
2 Slaapkamer – 6 persone. See- en brander-uitsig van balkon. 2 x onderdak parkering

Skakel Liezl vir tariewe 082 788 9304 of skakel of sms Thys: 082 921 1922

Kontak my vir die bespreking van plaaslike en internasionale vakansies en besigheidsreise.

Alta Lötter
Tel: 012 653 2353 of 082 708 5876
alta.lotter@travelcounsellors.co.za
www.travelcounsellors.co.za/alta.lotter

travel counsellors

UVONGO VAKANSIEWOONSTEL

*See-uitsig *Naby hoofstrand *Lugreëling *TV *Swembad met braai *Slaap 4/5 (Een slaapkamer) *Privaat parkering *Pensioenarisse R300 per dag (buite seisoen) *Admin. eenmalig

Skakel Jopie du Plessis:
082 858 7047 of jopiedupl@gmail.com

Voornemende en huidige KOVSIES 2020

Vind u geestelike tuiste en skakel in by ons bedrywighede.

AP Kerk Bainsvlei –
Kontak ons by 082 614 5867

JEUG: KLASSIEKE LITERATUUR

PRYS: R65,00

PRYS: R65,00

PRYS: R155,00

PRYS: R155,00

Vir bestellings of navrae, stuur 'n e-pos na boekwinkel@apk.co.za

Wili-werk-ni

Ten volle toegeruste vakansiewoning op die grens van Margate en Uvongo. Loopafstand na die strand. Pragtige see-uitsig. Billike tariewe

Skakel Willie of Poppie Brits: Tel. 039 317 2076, Sel: 082 746 4852
Queenstraat 18, Uvongo

VOLKSHULP 2000

- Volkshulp 2000 is 'n geregistreerde, nie-winsgewende welsynorganisasie wat na hulpbehoewende volksgenote omsien. Volkshulp 2000 ontvang geen hulp van die Staat of buitengewoon groot ondernemings nie. Ons is ten volle afhanklik van donasies en ander skenkings deur volksgenote. Hulpbehoewende volksgenote se getalle neem toe. Gesinne, kinders en bejaardes is die slagoffers van omstandighede buite hulle beheer.
- Ons doen 'n beroep op volksgenote om ons te help om die toenemende nood te bestry.
- Belastingkortingsertifikate is op aanvraag beskikbaar.

Straatadres: Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria
Tel. nr. 012 755 8201/2,
Posadres: Posbus 11824, Queenswood 0121
Tjekrekeningnommer: Absa 10176514, takkode: 632 005

By voorbaat baie dankie vir u bystand

ORANIA

Doop op Orania

Op 15 Desember 2019 was daar ’n besondere geleentheid in die AP Kerk Orania waar vier babas ten doop gebring is! Wat dit nog meer besonders gemaak het, is dat daar twee oupas as leraars die doop kon bedien, terwyl beide pa’s diakens in AP Kerk Orania is.

Ds. Albert en Yvette Boshoff, AB en Mariska Boshoff met klein Altus, Bennie en Maryna Hoffman met klein Rynhardt en ds. Fanie en Marieta Hoffman

Ons bid hulle almal steeds die ryke seën van die Here toe, dat hulle kinders groot vreugde sal bring en hulle as ouers genade sal kry om die kinders volgens hulle doopbelofte op te voed!

Ds. AP Boshoff

OLIFANTSHOEK

In Memoriam

Tannie Francis Krauze is op 17 November 2019 oorlede in die rype ouderdom van 82. Sy was verpleegster en het ook in hul winkel op die dorp gewerk. Haar laaste paar lewensjare het sy in die Bergenrus Tehuis vir Bejaardes deurgebring. Sy was ’n getroue kerkganger en sal beslis Sondae in die kerkbanke gemis word.

Haar plek is leeg – haar stem is stil,
en ons as gemeente berus in die Heer se wil.

Doopplegtigheid

Op 22 Desember 2019 is klein Mari van der Walt deur ds. Johan Verdoes in die AP Kerk Olifantshoek gedoop. Dit was voorwaar ’n pragtige geleentheid so kort voor die feestyd.

Namens die AP Kerk Olifantshoek word haar ouers, Riaan en Anri van der Walt en ouer sussie, Christelie, van harte geluk gewens. Mag sy opgroei en grootword in die weë van ons hemelse Vader. Ook aan haar ouma, tannie Rina Marais wat die geleentheid bygewoon het, baie, baie geluk.

Die gemeente verwelkom haar met oop harte as ’n dooplidmaat van die kerk.

Stephnie Lamprecht

OMVATTENDE WEBTUISTE

Besoek die omvattende webtuiste
www.potchefstroomintertv.co.za.
Kyk dan die skakel "Kerke" – AP Kerk se nuus. Gemeentes is welkom om nuus te stuur na chrisclgreyling@gmail.com. Rekenaar en webtuiste is pas opgegradeer. Sien ook elke dag se weervoorspelling.

PLAAS WINDHOEK by BLOEMFONTEIN

Dagbesoek/Groepe, Akkomodasie, Kampeer, Troues/ Funksies. 230 ha vrye natuur: stap in veld, rantjies klim, swem in klipdam, windbuks skiet, speelparkie, braai- en kombuisgeriewe, MARKIESTENT!

Skakel Gertrud by 083 708 4044
www.farmwindhoek.co.za

BLOEMFONTEIN HOSPITAALPARK

OPPIE HOEK: 2 LUUKSE SELFSORG WOONSTELLE

Onder: 4 persone. Bo (trappe): 7 persone. Veilige parkering, onderdak braaigeriewe, Wi-Fi, troeteldiervriendelik!

Skakel Gertrud by 083 708 4044

Hartenbos vakansie-akkomodasie

Marjohandie Woonstel: 3 slaapkamer, 2 badkamer, oopplan kombuis en leefarea. Slaap 6 persone. DSTV, wasmasjien, skottelgoedwasser, tuimeldroeër, onderdak ingeboude braai. Loopafstand van die see.

Die Huisie: 3 slaapkamer, 2 badkamers, oopplan kombuis en leefarea. Slaap 6 persone. DSTV, wasmasjien, verskuifbare braaier. Loopafstand van die see.

Bring eie bad- en swemhanddoeke.
Geen troeteldiere of bediendes nie.

Kontak Cornelle 082 377 4896

STUDENTE-AKKOMMODASIE, UNIVERSITAS BLOEMFONTEIN

Enkelkamer in deeleenheid (R3 000 pm), kamer met eie badkamer (R3 500 pm), kamer met eie badkamer & kombuis (R4 000 pm), een-slaapkamer woonstel (R4 000 pm). Onbeperkte internet, Dstv premium, water & elektrisiteit ingesluit vir almal.

Kontak: Hendrik Minnaar
062 660 5578 of epos minnaarh@yahoo.com

2023 DV – VOLGENDE STUDIETOER NA EGIPTE/ISRAEL

Hou 2023 in gedagte. By die AP Akademie word alreeds beplan vir die volgende studietoer. Studente, predikante, lidmate, vriende en familie is almal welkom.

Toerleier:
Prof. Gerrit Smit
(gerrit.smit@apa.ac.za)

AP AKADEMIE
"Ou Spore - Nuwe Wee"

ANTWOORDE: FEBRUARIE 2020, BL. 22



RUSTENBURG

"Die boemelaars gaan fliek"

Op 6 September 2019 is 'n boemelaarsaand met 'n "veld-fliek" gekombineer en sowat veertig "boemelaars" het die aand geniet. Almal het die twee tekenprente en die opbou-ende en opbeurende film (Dolphin Tale) wat teen die kerk-muur vertoon is, geniet. 'n Plaaslike kafee het individuele pak-kies worsies en skyfies verskaf wat met die hand uit die papier geëet is. Pryse is toegeken aan die beste senior en beste junior boemelaar, naamlik Peet van Heerden en Abrias Aucamp.

Boerefees

'n Baie geslaagde en aangename Boerefees is op 4 Oktober 2019 aangebied. Ná 'n voortreflike ete wat ou gunstelinge soos pap en kaiings of afval ingesluit het, het gaskunstenaar Demi-Lee Moore die gaste met haar sang en mooi persoonlikheid vergas. Die ete en Demi-Lee se optrede is voorafgegaan deur 'n optrede deur Keagan Rossouw. Allerlei tradisionele ware is by verskillende stalletjies te koop aangebied en het verdere luister verleen aan die kerkterrein waar veertig tafels feestelik gedek is.

Kersete

Op 7 Desember is 'n Kersete vir senior lidmate deur die Vrouediensbestuur aangebied. Ds. Nico Grobler het die funksie op 'n gepaste wyse geopen, waarna een van die lidmate 'n gebed voorgelees het en 'n ander lidmaat vermaaklike staaltjies voorgelees het. 'n Heerlike ete is bedien en daar is gesellig verkeer en foto's geneem.

Keagan Rossouw

In Memoriam

"Ons geliefde sangertjie" Keagan Rossouw, 11 jaar oud, is op 13 Desember ná 'n kort siekbed oorlede.

Micky Badenhorst

POTCHEFSTROOM

Eerstejaar studente

Op 12 Januarie 2020 het ons 'n wonderlike aantal eerstejaar-studente, wat by ons gemeente aangesluit het, verwelkom.

JS Pretorius

Kommunistiese aanslag op die Republiek van Suid-Afrika – Dr. Pieter Möller

Ná die Tweede Wêreldoorlog het die Republiek vanuit verskeie oorde kritiek en selfs vyandigheid beleef. Sedert 1960 het sabotasie-voorvalle begin voorkom, wat vanaf die volgende jaar in felheid en gewelddadigheid toegeneem het.

Dít kan toegeskryf word aan die doen en late van samesweerders wat 'n kommunistiese rewolusie in Suid-Afrika van stapel wou stuur. Ná die (dikwels verdraaide) Sharpeville-gebeure (1960), het hierdie booswigte ondergronds gegaan. Nelson Mandela het die belangrikste leier van dié geweldsopsie geword. In 1961 het hy en Joe Slovo *Umkhonto we Sizwe* (Assegaai van die nasie) as die militêre vleuel van die ANC op die been gebring, juis met die doel om sodanige rewolusie te bewerkstellig. Van toe af het die terroristiese bedrywighede in Suid-Afrika toegeneem.

Alleen sou die knoop nie deurgehak kon word nie. In 1962 het Mandela derhalwe, onder die skuilnaam David Motsamayi, die land onwettig verlaat en Afrika en Europa besoek met die doel om ondersteuning vir die gewapende stryd én opleidingsfasiliteite vir die ANC-kaders te verkry. Honderde misleide ANC-jeugdiges is toe ook daarna vir rewolusionêre opleiding na Kuba, Algerië, Egipte, Ethiopië, Noord-Korea, Rusland, Sjina, Oos-Duitsland en Tsjeggo-Slowakye gestuur.

Die gevolg was dat 'n duiwelse komplot, gerugsteun deur 'n skrikwekkende meesterplan vir oorlogvoering, bekend as *Operasie Mayibuye*, te voorskyn gekom het. In 'n vorige artikel is besonderhede verstrek oor die hoeveelheid bomme, handgranate, landmyne, plofstof ensovoorts wat in die proses vervaardig is. In die aanwending daarvan sou op koelbloedige wyse niemand ontsien word nie. Hierdie verwoestingsmiddels is in onskuldige verpakkings soos byvoorbeeld kissies landbouprodukte, koffie- en konfytblikke en op die onskuldigste plekke soos byvoorbeeld voetpaadjies en ingange na tuine geplaas om soveel moontlik verwoesting, verminking en dood te veroorsaak. Aanvalle sou aanvanklik hoofsaaklik op die platteland afgestem wees. Die land is in vier streke verdeel en sou deur 'n guerrilla-mag van 30 ingeval word. Deur misleiding en intimidasie sou die plaaslike bevolking gedwing word om by hulle aan te sluit. Die ANC het ook sy manifes, waarin sy strategie van geweld en sabotasie uiteengesit is, teen pale in lokasies aangebring en in 1963 is selfs vlugskrifte onder blankes versprei waarin gepoog is om hulle te beïnvloed en te intimideer, byvoorbeeld: "*Luister, witman! Vyf blankes is in die Transkei vermoor, 'n ander by Langa doodgekap. Sabotasie kom elke week oor die hele land voor – nou hier dan daar. Vir jou wag daar nou 'n onbepaalde lang toekoms van terrorisme, onsekerheid en stadig-kwynende mag.*" Hierby het die voortdurende propaganda van die ANC se Radio Freedom aangesluit.

Ter ondersteuning van die rewolusie, sou ook 'n buitelandse mag van 7 000 saamgestel en gereed gehou word. Intussen het Mandela na Suid-Afrika teruggekeer en sy ondermyning as vermomde deur die land voorgesit. Waar hy gekom het, het hy nie-blankes tot verset en stakings aangemoedig. Op 5 Augustus 1962 is hy egter in hegtenis geneem. Vanweë sy onwettige landverlating en ondermynende bedrywighede, is hy skuldig bevind en vir vyf jaar tronk toe gestuur. Hy was dus reeds in die tronk toe die Rivonia-hofsaak, waarin hy die hoof beskuldigde was, plaasgevind het.

Agtien maande lank het die Veiligheidsafdeling van die Suid-Afrikaanse Polisie onverpoosd geswoeg om die sabotasie-vlaag te beheer. Die vaste patroon daarvan het geen twyfel gelaat nie dat dit sekuur en doelbewus beplan was. Dit het die SAP ook hoofbrekens besorg om vas te stel wie die leiers was en waar hulle hul bevind het, totdat 'n informant uit die bloute inligting aan hulle verstrek het. Dit het tot die deeglik-beplande klopjag op die plaas Lilliesleaf, in Rivonia, op 11 Julie 1963 onder bevel van luitenant Van Wyk gelei. Beslag is onder meer op 'n groot hoeveelheid inkriminerende dokumente gelê en die vernaamste samesweerders, wat houtgerus was, is in hegtenis geneem. Die getuienis wat hier bekom is, het die Rivonia-hofsaak tot gevolg gehad waardeur die skuldiges tronk toe gestuur is. Ongelukkig het vier van hulle landuit gevlug en is dus nie gevonnis nie. Vandag word al hierdie terroriste egter as helde vereer en geboue en strate na hulle vernoem! 'n Maand later is op die kleinhoewe, Travallyn, 12 km vanaf Lilliesleaf, toegeslaan. Verdere bewyse asook 'n wapenfabriek is gevind. In September is op nog 'n opslagplek in Mountain View, Johannesburg, toegeslaan, wat nog bewysstukke opgelewer het.

Die liewe Vader het dit dus genadiglik beskik dat, deur die toedoen van knap polisiewerk, 'n rewolusionêre bloedbad destyds in Suid-Afrika voorkom is en die skuldiges agter tralies beland het.

LIG IN DUISTERNIS-PRYS 2019

Lig in Duisternis
UITGEWERS

Tydens die APA se Teologiese dag op 27 Januarie 2020, is die *Lig in Duisternis*-prys aan prof. Koos Adendorff oorhandig vir sy publikasie, *Génesis – Die boek van oorspronge*. Daar is ook spesiale melding gemaak vir die besondere skryfstukke van ds. Riaan Pretorius (Dagstukkies 2019) en prof. Izak Brink (*Die Boodskapper* 2019). Ons wens hulle hartlik geluk!

Die motivering vir die benoeming, is soos volg:

Génesis – Die boek van oorspronge *bevat kort en bondige verklarings en verduidelikings van die ontvouende geskiedenis van God se selfopenbaring in Génesis. Hoewel kort en bondig, is die inhoud beslis volledig. Die taalgebruik is eenvoudig en in 'n gemaklike trant. Die rykdom van inligting en die wyse waarop die stof verdeel is, bied nie net 'n oorsig oor die boek Génesis nie, maar help die leser ook om die hooflyne van die verlossingsgeskiedenis raak te sien soos wat dit in Christus vervul is. Sodoende slaag die skrywer daarin om nie die boek Génesis as 'n losstaande eenheid te hanteer nie, maar om die plek van die boek binne die openbaringsgeskiedenis te verreken. Hierdie publikasie is beslis 'n maklik-leesbare en doelmatige Bybelstudie-hulpmiddel, terwyl dit terselfdertyd waarde sal toevoeg vir predikante wat ernstig is oor heilshistoriese prediking vanuit Génesis.*

Die motivering vir die benoeming, is soos volg:

In Meimaand 2019 se dagstukkies slaag die skrywer daarin om 'n toepaslike boodskap aan die lesers te gee. Dit is maklik om daarmee te assosieer en jou eie omstandighede daarin te plaas. Daar word ook vrae beantwoord wat in ons tyd dikwels deur gelowiges verskillend verstaan word, soos die rol van die kerkraad of die vrou se posisie in die gemeente. Hier is antwoorde waarop elke leser kan ag slaan en gemeentes wat met erns lees, sal die vrug daarvan in hulle eie omstandighede ervaar. Die taal wat gebruik word, is duidelik en verstaanbaar en kinders en ander lesers behoort nie te wonder oor die betekenis van woorde of die bedoeling van die skrywer nie.

Die motivering vir die benoeming, is soos volg:

In sy bondige, duidelike en eenvoudige styl, beklemtoon prof. IA Brink in die artikel, So spreek die HERE ... (DB November 2019), *die belangrike rol van taalgebruik tydens die prediking van die Woord. Die vernuf waarmee taal tydens die prediking aangewend word, dra by tot 'n meer effektiewe luister na God se Woord. Prof. Brink herinner predikers aan die belangrike onderskeid tussen alledaagse gebruikstaal en kanseltaal, maar slaan die spyker in dat die keurigheid van kanseltaal nie gelyk aan hoogdrawendheid is nie. Hy slaag uitstekend daarin om die belangrikheid van suiwer en gepaste taalgebruik gedurende prediking aan die leser uit te lig ten einde die verstaanbaarheid van die boodskap te verhoog.*

T: 012 362 1390
boekwinkel@apk.co.za
www.apk.co.za/boekwinkel

Die Boekwinkel

LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

DIE WIT ROKKIE

deur Annemarie du Toit
Illustrasies deur Riana Brink

Prys: R75,00

Ideaal vir jonger kinders.
Op 'n maklik-verstaanbare trant verduidelik die boekie op 'n indirekte wyse wat Jesus Christus vir ons gedoen het.

Maryna en haar gesin besoek familie in Engeland en gaan 'n baie belangrike troue bywoon. Op die dag van die troue kan Maryna net nie die versoeking van 'n sproeier weerstaan nie en maak haar mooi rokkie vuil. Haar pappa wil haar straf omdat sy ongehoorsaam was, maar haar ouboet kom gelukkig tot haar redding.

Die wonderlike boodskap wat hierdie boekie bring saam met sy fraai illustrasies, smeek om voorgelees te word. Die prenteboek van 28 bladsye, wat ook 4 inkleurbladsye insluit, word aanbeveel vir kinders 3-9 jaar.

Lig in Duisternis
UITGEWERS

Kom vul jou mandjie by ons aanlyn boekwinkel:
www.apk.co.za/boekwinkel

JEUG BOODSKAPPER
NO. 142 • MAART 2020
TEL. (012) 362 1390 • FAKS (012) 362 2023
POSBUS 25139 Monumentpark 0105

Wanneer ek bang is ...

'n Rukkie gelede moes ek Kaapstad toe ry. So 40 km voor Kaapstad steek daar toe 'n vreeslike wind op. Dit was die eerste keer in my lewe dat ek regtig bang geword het vir wind. Dit het my karretjie vreeslik rondgeruk. So rukkie nadat ek veilig onderdak was, het ek oor die radio gehoor dat daar 'n paar vragmotors omgewaai het. Dit was toe eers dat ek besef het hoe groot die gevaar regtig was ...

As die wind op land so erg kan waai, kan ek myself net indink hoe dit op see moet voel. Dit het my met nuwe oë na Markus 4 laat kyk waar die Here Jesus die storm stilmaak.

In vers 35-41 lees ons dat Hy en die dissipels in 'n bootjie op die See van Galiléa was. Hoe verder 'n mens lees, hoe meer kom jy agter dat hierdie ervare vissermanne regtig bang was. Die wind was te sterk, die golwe was te groot en hulle bootjie was al amper vol water. Dit hou net nie op nie! Hulle roei, maar die land kom nie nader nie. Hulle is skaars regop nadat die een golf hulle omgeslaan het, dan kom die volgende een al.

Maar die verhaal is anders as die meeste ander storm-verhale – 'n mens vergeet dit amper. Halfpad deur die vertelling kry jy 'n verrassing. Die Here Jesus is ook in die bootjie, maar Hy lê en slaap.

In my gedagtes sien ek hoe die dissipels benoud vir mekaar geskree het. Miskien het hulle vir 'n oomblik gewonder of Hy wel by hulle op die bootjie was. Miskien het hulle selfs gewonder hoekom Hy nie saam met hulle roei nie. As die dissipels enigsins was soos ek is, sou daar een of twee wees wat sy kop geskud en gedink het: "Die boot sink en Hy lê en slaap – Hy help nie eers water uitskep nie!"

Dan gaan maak hulle die Here Jesus wakker. Waarskynlik het hulle Hom nie saggies wakker gemaak nie – onthou hulle was bang! As Hy eers wakker is, vra hulle vir Hom 'n belangrike vraag: *Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?* Dit is baie keer hoe ons voel as die gevaar dreig – ons dink God gee nie om nie.

Ons word so bang dat ons partykeer vergeet met Wie ons praat. Hy is Jesus, Hy is Here en Hy gee om – baie. Nie lank ná hierdie storm nie, is Hy gekruisig. Daar het Hy gewys hoeveel Hy omgee.

Sien, Christus moes 'n keuse maak. Hy moes kies tussen sy lewe en myne. As Hy sy eie lewe gekies het, sou ek die ewige dood moes kry, maar Hy het gekies om self eerder te sterf sodat sy kinders kan lewe. Toe Hy daar aan die kruis uitgeroep het: *My God, my God, waarom het U my verlaat,* het Hy baie meer verlate gevoel as wat die dissipels ooit kon voel. Anders as die dissipels vir wie die Here Jesus gehelp het deur die storm stil te maak, het Hy nie 'n antwoord gekry nie. Hy was alleen. Sy pyn en verlatenheid was die prys wat Hy gekies het om te betaal sodat sy kinders nooit alleen sal wees nie.

Ons moet mooi verstaan – nêrens sê die Here Jesus dat Hy al die storms gaan wegvat nie. Hy sê egter wel dat Hy magtiger as enige soort storm is en dat Hy ons daardeur sal dra – Hy gee om!

Daarom sê 1 Petrus 5:7:
Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.

Groete, ds. Henning

inkleurprentjie

Vra vir Mamma en Pappa om jou te vertel hoe die Here Noag se lewe gered het (Gen. 6-9).

HULPBETONING

DWARS

1. Aangerand (Lk. 10:30)
4. Innerlike menswees (Lk. 10:27)
6. Ontsmettingsmiddel (Lk. 10:34)
7. Opmerk (Lk. 30:31)
8. Om uit te toets (Lk. 10:25)
9. Geldstukke (Lk. 10:35)
12. 'n Stad (Lk. 10:30)
14. Gewelddadige diewe (Lk. 10:30)
16. Getal pennings (Lk. 10:35)
19. Lasdier (Lk. 10:34)
20. Toevallig (Lk. 10:31)
21. Roete (Lk. 10:31)

AF

2. Joodse geestelike (Lk. 30:32)
3. Medemens (Lk. 10:27)
4. Volkome (Lk. 10:27)
5. Uitgawes (Lk. 10:35)
8. Toegedraai (Lk. 10:34)
9. Tempeldienaar (Lk. 10:31)
10. Hartgrondelik (Lk. 10:33)
11. Denke (Lk. 10:27)
13. Geneesmiddel (Lk. 10:34)
15. Beserings (Lk. 10:34)
17. Alle (Lk. 10:35)
18. Geesdrif (Lk. 10:27)



GÉNESIS 2

In ses dae het God die hemel en die aarde gemaak. God het ook ’n spesiale tuin gemaak wat Hy vir Adam en Eva gegee het om in te bly. Die tuin se naam was die Paradys. Die Paradys was baie mooi. Daar was heerlike vrugte in die tuin en hulle kon daarvan pluk en eet. Appels en pere, piesangs en kersies, lemoene en sommer nog baie ander. God het alles vir hulle gegee wat hulle nodig gehad het.

Soos wat God vir hulle gesorg het, was dit húlle werk om weer vir die diere en die plante te sorg wat God gemaak het. Daar was waarskynlik hondjies en katjies, voëltjies en eekhorinkies, apies en bokkies. Daar was

moontlik ook renosters, perde, leeus en arende, maar niemand was vir hulle bang nie. Die mooiste van alles was dat God 'n mooi verhouding met Adam en Eva gehad het. Hulle het elke aand gaan stap en kon oor alles gesels. Dit moes wonderlik wees om so naby aan God te lewe!

In die middel van die tuin was daar 'n boom waarvan hulle die vrugte nie mag geëet het nie. Die boom se naam was die "Boom van kennis van goed en kwaad." God het hulle beveel om nie van die boom se vrugte te eet nie. Elke keer as hulle die boom sien, moes hulle daaraan dink dat die Here hulle God is en dat hulle aan Hom gehoorsaam moet wees. Maar dit was maklik – hulle het alles gehad wat hulle nodig het.

> Nadat God alles gemaak het, het Hy gesê dat dit baie goed is. Daarom het Hy op die sewende dag gerus van al sy werk. Hy was nie moeg nie, Hy het gerus omdat Hy klaar gewerk het. Hy was rustig en tevrede oor alles wat Hy gemaak het.

God is vandag nie meer rustig en tevrede oor sy skepping nie, want alles is nie meer soos Hy dit gemaak het nie. Sonde het alles stukkend gemaak.

In Exodus 20 leer die Bybel ons dat ons nog steeds op die sewende dag moet rus. Wanneer ons rus, dan dink ons daaraan dat God alles goed gemaak het en dat Hy vir ons sorg, selfs al doen ons sonde. Ons lees ook in die Bybel dat God belowe om alles weer goed te maak soos wat dit in die Paradys was. Dit gaan wonderlik wees, nè! Wanneer ons op die sewende dag rus, dan dink ons aan alles wat God belowe Hy nog gaan doen en sien ons daarna uit.

Gebruik die skakel en sluit gerus by ons WhatsApp kletsgroep aan om onder meer vrae te vra wat ons hier kan probeer antwoord. Maak asseblief seker dat jy die groepie se reëls volg.

Wees daar vir jou vriende


Tissa van Lille

Drie dinge is nodig om 'n vriend te behou: Respekteer hom in sy teenwoordigheid, prys hom in sy afwesigheid en help hom in sy nood (Italiaanse spreekwoord).

Om 'n goeie vriend vir iemand te wees, beteken dat jyself **betroubaar** sal wees. Jou vriende moet op jou woord kan staatmaak. Sorg dat jy jou beloftes aan jou vriende nakom. As iets voorval wat veroorsaak dat jy nie 'n afspraak kan nakom nie, maak vroegtydig verskoning.

Wees te alle tye **eerlik** teenoor jou maats. In Spreuke 27:17 staan: Y*ster slyp yster, so slyp die een mens die persoon van die ander.*

Dit is belangrik om **tyd vir jou vriende te maak**, al is jou program hóé vol en besig. Vriendskap beteken **om te gee en te neem, te deel, te doen, te help, te vertroos en saam te lag**. Dit is lekker om jou gedagtes en lewe met iemand te deel wat vir jou omgee; iemand wat jou verstaan en jou aanvaar net soos wat jy is. Daarom moet jy ook **gereeld vir jou vriende bid** sodat julle vriendskap opreg, eerlik en gesond sal bly. Dit is ook belangrik dat **jy 'n goeie luisteraar** sal wees.

Kristen (15 jaar) sê:
Wees geduldig en vergewe mekaar. Hê saam pret. Pas goeie vriendskappe mooi op. Maak ook met ouer mense vriende sodat jou kennis daardeur uitgebrei word.

Daar is ’n groot verskil tussen vriendskap en gewildheid. Vriendskap help jou om te ontwikkel en te groei en kan selfs ’n leeftyd lank hou, terwyl gewildheid van verbygaande aard is. Behalwe dat ’n goeie vriendskap jou selfvertroue en sekuriteit verskaf, kan dit jou help **om konflik te hanteer** en jou **leierseienskappe en verbeelding te ontwikkel**. Jy leer om te wen of te verloor, te volg en te lei en geniet die vreugde van kameraadskap. My kamermaat in matriek was goed vir my siel. Sy het my leer middernagfees hou en om die snaakse in alledaagse situasies raak te sien.

Chandré (20 jaar) sê:
Leer om altyd vriendelik te wees en eerste te groet. Stel opreg belang in mense se doen en late. Dit is goed om vriende van verskillende ouderdomme te hê.

Wanneer jy nog jonk is, leer vriendskappe jou ook **om vrees en verwerping te aanvaar**. As jy groot is en met ander mense te doen het, gaan jy hierdie stukkie gereedskap baie nodig kry om te oorleef.

Dit is baie belangrik om **die regte vriende te kies**; vriende wat jou opbou en nie afbreek nie. Minder, maar goeie vriende, is beter as baie vriende wat nie opreg vir mekaar omgee nie. Vriendskappe wat jou gereeld seermaak en teleurstel, moet liewer beëindig word. Jy hoef ook nie met almal vriende te wees nie. Party is net klasmaats/spanmaats/kennisse.

Verskillende vriende gaan verskillende rolle in jou lewe vertolk. Party gaan jou gedurende die moeilike tye van jou lewe ondersteun; ander gaan jou reghelp as jy onseker is; ander gaan jou vermaak; ander gaan jou op die sportveld aanmoedig. So leer jy dan om selfstandig en onafhanklik te wees en jou eie oordeel te vertrou; jy leer om beter en makliker oor jou emosies te praat. Deur middel van goeie vriendskappe leer jy ook om iets wyer as net jou eie lewe/omgewing raak te sien. Jou humorsin en lewensuitkyk kan hierdeur ontwikkel, wat jy dan deur jou optrede ook aan ander oordra.

Pieter (17 jaar) sê:
Sit julle selfone op vibreer as julle by mekaar kuier. Gee goeie raad as jou vriende daarom vra. Wees ’n leier/ondersteuner – wat ook al die situasie verg.

Om daar te wees vir jou vriende is om vir jouself ’n rykdom te verwerf wat nie te koop is nie.